

**WET OP FINANSIËLE ADVIES- EN TUSSENGANGERSDIENSTE
NO. 37 VAN 2002**

[GOEDKEUR OP 15 NOVEMBER 2002]

[DATUM VAN INVOERING: 15 NOVEMBER 2002]

[Tensy anders vermeld]

(Engelse teks deur die President geteken)

Hierdie Wet is opgedateer tot *Staatskoerant* 31561 gedateer 31 Oktober 2008.

soos gewysig deur

Algemene Wysigingswet op Wette op Finansiële Dienste, No. 22 van 2008

[met ingang van 1 November 2008, tensy anders vermeld—sien titel Finansiële]

ALGEMENE NOTA

Let aandag daarop dat alhoewel die „Securities Services Act“, No. 36 van 2004 die Wet op Beheer van Finansiële Markte, No. 55 van 1989, herroep het, die Wysigingswette tot taagsaamde wet nog nie herroep is nie en in meeste gevalle nog steeds handet met wetgewing wa: in werking is.

WET

Om die lewering van sekere finansiële advies- en tussenangangersdienste aan kliente te veil; om sekere wette te herroep of te wysig; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INHOUDSOPGAWE

INLEIDENDE BEPALINGS

1. Woordonskrywing en toepassing

HOOFSTUK I

ADMINISTRASIE VAN WET

2. Registrateur en adjunkregistrateur van verskaffers van finansiële dienste
3. Algemene bepalings betreffende registrateur
4. Spesiale bepalings betreffende bevoegdheid van registrateur
5. Advieskomitee op Verskaffers van Finansiële Dienste
6. Delegerings en magtigings

HOOFSTUK II

MAGTIGING VAN VERSKAFERS VAN FINANSIËLE DIENSTE

7. Magtiging van verskaffers van finansiële dienste
8. Aansoek om magtiging
9. Opskorting en intrekking van magtiging
10.
11. Verval van lisensie
12. Vrystellings ten opsigte van produkvoorsieners

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—EFFEKTEBEURS
Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste,
No. 37 van 2002

HOOFSTUK III
VERTEENWOORDIGERS VAN GEMAGTIGDE VERSKAFTERS VAN
FINANSIËLE DIENSTE

- 13. Kwalifikasies van verteenwoordigers en plichte van gemagtigde verskaffers van finansiële dienste
- 14. Belet van verteenwoordigers
- 14A. Belet deur registrateur

HOOFSTUK IV
GEDRAGSKODES

- 15. Publikasie van gedragskodes
- 16. Beginsels van gedragskode

HOOFSTUK V
PLIGTE VAN GEMAGTIGDE VERSKAFTERS VAN FINANSIËLE DIENSTE

- 17. Voldoeningsbeaunptes en voldoeningsreëlings
- 18. Byhou van rekords
- 19. Rekeningkundige en ouditvereistes

HOOFSTUK VI
AFDWINGING

Deel I

Ombud vir verskaffers van finansiële dienste

- 20. Kantoor van Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste
- 21. Aanstelling van Ombud en adjunkombuds
- 22. Finansiering van Kantoor
- 23. Rekenpligtigheid
- 24. Algemene administratiewe bevoegdheide van Ombud
- 25. Ontbinding en likwidasie van Kantoor
- 26. Bevoegdheide van Raad
- 27. Ontvangs van klagtes, verjaring, jursidiksie en ondersoek
- 28. Vastellings deur Ombud
- 29. Rekordhouding
- 30. Verslag van Ombud
- 31. Strawwe
- 32. Bevordering van kliënte-opvoeding deur registrateur

Deel II

Ander ofawingsmaatreëls

- 33. Siviele remedies
- 34. Onwenslike praktyke
- 35. Regulasies
- 36. Misdrywe en strawwe
- 37. Oorweging van omvang van boetes en strawwe
- 38. Vrywillige sekwestrasie, likwidasie en sluiting
- 39. Reg van appèl

HOOFSTUK VII
DIVERSE

- 40. Voorbehoud van regle
- 41. Gelde en boetes

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—EFREKTEBEURS
Wet op Finansiële Advies- en Taksengangersdienste,
No. 37 van 2002

a. 1

a. 1

42. Uitsluit van inligting
43.
44. Vystellings deur registrateur en Minister
45. Vystellings, en wysiging of herroeping van wette
46. Inwerkingtreding en kort titel
- Bylae Wette gewysig of herroep

INLEIDENDE BEPALINGS

1. **Woordomskrywing en toepassing.**—(1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“aansoek”, met betrekking tot die verrigting van enige handeling deur die registrateur, behalwe waar in ’n bepaalde geval ander bepaalde vooriering gemaak word, ’n aansoek bedoel in artikel 3 (2);

“advies”, behoudens subartikel (3) (a), enige aanbeveling, voorligting of voorstel van ’n finansiële aard by wyse van enige middel of medium aan ’n klient of groep kliente verskaf—

- (a) ten opsigte van die koop van enige finansiële produk; of
- (b) ten opsigte van die belegging in enige finansiële produk; of
- (c) oor die aangaan van enige ander transaksie, met inbegrip van ’n lening of sessie, gerig op die oploop van enige aanspreklikeid of die verkryging van enige reg of voordeel ten opsigte van enige finansiële produk; of
- (d) oor die wysiging van enige beding of voorwaarde van toepassing op ’n finansiële produk, oor die vervanging van enige sodanige produk, of oor die beëindiging van enige aankoop van of belegging in enige sodanige produk, en ongeag of sodanige advies—
 - (i) verskaf word in die loop van of bykomstig tot finansiële beplanning in verband met die sake van die klient of nie; of
 - (ii) tot gevolg het dat enige sodanige koop, belegging, transaksie, wysiging, verving of beëindiging, na gelang van die geval, bewerkstellig word of nie.

“Advieskomitee” die Advieskomitee op Verskaffers van Finansiële Dienste bedoel in artikel 5;

“appelraad” die appelraad ingestel by artikel 26 (1) van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste;

“dokument” ook ’n dokument geskep, opgeneem, versend of gestoor in digitale of ander ontasbare maar leesbare vorm by wyse van elektroniese, magnetiese, optiese of enige soortgelyke middel;

[Onskrywing van „dokument” ingevoeg deur a. 45 (a) van Wet No. 22 van 2008.]

“finansiële diens” enige diens beoog in paragraaf (a), (b) of (c) van die onskrywing van „verskaffer van finansiële dienste”, met inbegrip van enige kategorie sodanige dienste;

“finansiële produk”, behoudens subartikel (2)—

- (a) sekuriteite en instrumente, met inbegrip van—
 - (i) aandeel in ’n ander maatskappy as ’n „aandeleblokkemaatskappy” soos omskryf in die Wet op die Beheer van Aandeleblokke, 1980 (Wet No. 59 van 1980);
 - (ii) skuldbriewe en gesekuritiseerde skuld;
 - (iii) enige geldmarkinstrument;

- (iv) enige sekuriteitsreg, sertifikaat, en ander instrument wat regte erken, verleen of skep om in te skryf op sekuriteite en instrumente bedoel in subparagrafe (i), (ii) en (iii), of om sodanige sekuriteite en instrumente te verkry, te verveem of te omskep; en
- (v) enige „sekuriteite” soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitsdienste, 2002;
- (b) ’n deelnemende belang in een of meer kollektiewe beleggingskemas;
- (c) ’n langtermyn- of korttermynversekeringskontrak of -polis, bedoel in, onderskeidelik, die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), en die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998);
- (d) ’n voordeel voorsien deur—
- (i) ’n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), aan die lede van die pensioenfondsorganisasie uit hoofde van lidmaatskap; of
- (ii) ’n onderlinge hulpvereniging bedoel in die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), aan die lede van die hulpvereniging uit hoofde van lidmaatskap;
- (e) ’n beleggingsinstrument gedomineer in buitelandse valuta, met inbegrip van ’n deposito van buitelandse valuta;
- (f) ’n deposito soos omskryf in artikel 1 (1) van die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990);
- (g) ’n gesondheidsorgvoordeel voorsien deur ’n mediese skema soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998);
- (h) enige ander produk wat na aard soortgelyk is aan enige finansiële produk bedoel in paragrafe (a) tot en met (g), en wat deur die registrateur, na oortegpleging met die Advieskomitee, by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot ’n finansiële produk vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar is;
- (i) enige gekombineerde produk bevattende een of meer van die finansiële produkte bedoel in paragrafe (a) tot en met (h);
- (j) enige finansiële produk uitgeroep deur enige buitelandse produkverskaffer en bemark in die Republiek en wat na aard en karakter wesenlik soortgelyk is aan of ooreenstemmend is met ’n finansiële produk bedoel in paragrafe (a) tot en met (j);
- „**gedragskode**” enige gepubliseerde gedragskode teoog in artikel 15;
- „**gemagtigde verskaffer van finansiële dienste**” of „**verskaffer**” ’n persoon aan wie ’n magtiging as ’n verskaffer van finansiële dienste verleen is deur die uitreiking aan daardie persoon van ’n lisensie kraglens artikel 8;
- „**hierdie Wet**” ook ’n regulasie, reël of gedragskode, en enige kennisgewing gegee, goedkeuring of verstelling verleen, bepaling gemaak, vereiste of voorwaarde bepaal of opgelê, of enige ander beslissing bedoel in artikel 3 (1);
- „**Hof**” enige hof wat met regsbevoegdheid bekleed is;
- „**Kantoor**” die Kantoor van die Ombud by artikel 20 (1) ingestel;
- „**klaer**”, behoudens artikel 26 (1) (a) (ii), ’n bepaalde klient wat ’n klage by die Ombud indien;
- „**klagte**”, behoudens artikel 26 (1) (a) (iii), ’n bepaalde klage met betrekking tot ’n finansiële diens gelewer deur ’n verskaffer van finansiële dienste of verteenwoordiger aan die klaer op of na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, en in welke klage beweer word dat die verskaffer of verteenwoordiger—
- (a) ’n bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen en dat die klaer as gevolg daarvan finansiële nadeel of skade gely het of waarskynlik sal ly;

a. 1

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—EFFEKTEBURS
Wet op Finansiële Advise- en Tussengangersdienste,
No. 37 van 2002

a. 1

- (b) opsetlik of nalatiglik 'n finansiële diens aan die klaer gelever het wat nadeel of skade aan die klaer veroorsaak het of waarskynlik sodanige nadeel of skade tot gevolg sal hê; of
- (c) die klaer onregverdig behandel het;
- „**klaer**” 'n bepaalde persoon of groep persone, uitgesonderd die algemene publiek, wat die onderwerp is of kan word aan wie 'n finansiële diens opsetlik gelever word, of wat die regsopvolger van so 'n persoon of die begunstigde van so 'n diens is;

„**kollektiewe beleggingskema**” 'n kollektiewe beleggingskema soos omskryf in die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002;

„**lisensie**” 'n lisensie beoog in artikel 7 (1);

„**lisensiehouer**” 'n verskaffer van finansiële dienste aan wie 'n lisensie kragtens artikel 8 uitgereik is;

„**Minister**” die Minister van Finansies;

„**Ombud**”

(a) die Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste ingevolge artikel 21 (1) aangestel; en

(b) by die toepassing van artikels 27, 28, 31 en 39, ook 'n adjunkombud;

„**ouditeur**” 'n ouditeur geregistreer ingevolge die „Auditing Profession Act, 2005” (Wet No. 26 van 2005);

[Omskrywing van „ouditeur” vervang deur a. 45 (b) van Wet No. 22 van 2008.]

„**persoon**” enige natuurlike persoon, vennootskap of trust, en ook—

(a) enige staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996);

(b) enige maatskappy as sodanig met regs persoonlikheid bekleed of geregistreer kragtens enige wet;

(c) enige liggaam van persone, hetsy met regs persoonlikheid bekleed al dan nie;

„**produktvoorsiener**” enige persoon wat 'n finansiële produk uitreik uit hoofde van 'n magtiging, goedkeuring of reg verleen aan sodanige persoon kragtens enige wet, met inbegrip van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973);

„**Raad**” die Raad op Finansiële Dienste ingestel by artikel 2 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste;

„**reël**” 'n reël deur die Raad opgestel kragtens artikel 26;

„**registrator**” die registrator of adjunkregistrator van verskaffers van finansiële dienste bedoel in artikel 2;

„**regulasie**” 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 35;

„**regulatoriese owerheid**” 'n instansie ingestel ingevolge nasionale wetgewing wat verantwoordelik is vir die regulering van aktiwiteite van 'n bedryf, of 'n sektor van 'n bedryf;

[Omskrywing van „regulatoriese owerheid” ingevoeg deur a. 45 (c) van Wet No. 22 van 2008.]

„skateelpersoon”, met betrekking tot ’n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, of ’n verteenwoordiger, wat besigheid dryf as—

- (a) ’n liggaam, hetsy met regs persoonlikheid bekleed al dan nie, ’n trust of ’n vennootskap, enige natuurlike persoon verantwoordelik om, óf alkeen óf saam met ander aldus verantwoordelike persone, die bedrywighede van die liggaam, trust of vennootskap met betrekking tot die lewering van enige finansiële diens te bestuur of daarvoor toesig te hou; of
- (b) ’n regspersoon of trust bestaande uit slegs een natuurlike persoon as lid, direkteur, aandeelhouer of trustee, enige sodanige natuurlike persoon;

„tussengangersdiens”, behoudens subartikel (3) (b), enige ander handeling as die ver-skaffing van advies, verrig deur ’n persoon vir of namens ’n klient of produkvoorsiener—

- (a) waarvan die gevolg is dat ’n klient enige transaksie ten opsigte van ’n finansiële produk met ’n produkvoorsiener kan aangaan, aanbied om dit aan te gaan of dit aangaan; of
- (b) met die oog daarop om—
- (i) ’n finansiële produk gekoop deur ’n klient van ’n produkvoorsiener of waarin die klient betê het, te koop, te verkoop of andersins daarin te handel (hetsy op ’n diskresionêre of nie-diskresionêre basis), te bestuur, te administreer, in veilige bewaring te hou, in stand te hou of te diens;
- (ii) premies of ander gelde betaalbaar deur die klient aan ’n produkvoorsiener ten opsigte van ’n finansiële produk in te vorder of daarvoor rekenpligtigheid te aanvaar; of
- (iii) die eise van ’n klient teen ’n produkvoorsiener te ontvang, in te dien of te prosesseer;

„verskaffer van finansiële dienste” enige persoon, behalwe ’n verteenwoordiger, wat as ’n gewone kenmerk van die besigheid van sodanige persoon—

- (a) advies verskaf; of
- (b) advies verskaf en enige tussengangersdiens lewer; of
- (c) ’n tussengangersdiens lewer;

„verteenwoordiger” enige persoon, met inbegrip van ’n persoon in diens van of opdrag gegee deur sodanige eerstgenoemde persoon, wat ’n finansiële diens aan ’n klient lewer vir of namens ’n verskaffer van finansiële dienste, ingevolge voorwaardes van diens of enige ander mandaat, maar uitgesonderd ’n persoon wat kerklike, tegniese, administratiewe, regs-, boekhoudkundige of ander diens in ’n hulp- of ondergeskikte hoedanigheid lewer, en welke diens—

- (a) geen oordeelsuitoefening aan die kant van laasgenoemde persoon vereis nie; of
- (b) nie ’n klient, in antwoord op algemene navrae, lei tot ’n bepaalde transaksie ten opsigte van ’n finansiële produk nie;
- [Omskrywing van „verteenwoordiger” vervang deur a. 45 (d) van Wet No. 22 van 2008.]

„voldoeningsbeampite” ’n voldoeningsbeampite vir ’n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste bedoel in artikel 17;

„voorskryf” by regulasie voorskryf;

„vrystel” om, op aansoek deur ’n persoon of op eie inisiatief van die registrateur, op enige van die gronde vermeld in artikel 44 (1) (a), (b) of (c) en (4) (a) vry te stel;

„Wet op die Raad op Finansiële Dienste” die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990).

(2) By die toepassing van hierdie Wet sluit 'n finansiële produk nie in enige finansiële produk wat deur die registrateur, na oorlegpleging met die Advieskomitee, by kennisgewing in die *Staatskoerant* van die bepalings van hierdie Wet vrygestel is nie met inagneming van die mate waarin die lewering van finansiële dienste ten opsigte van die produk deur enige ander wet gereël word.

(3) By die toepassing van hierdie Wet—

- (a) sluit advies nie in nie—
- (i) feitelike advies slegs verskaf—
- (aa) oor die prosedure vir die aangaan van 'n transaksie ten opsigte van enige finansiële produk;
- (bb) met betrekking tot die beskrywing van 'n finansiële produk;
- (cc) in antwoord op roetine administratiewe navrae;
- (dd) in die vorm van objektiewe inligting oor 'n besondere finansiële produk; of
- (ee) deur die vertoon of verspreiding van promosiemateriaal;
- (ii) 'n ontleding van of verslag oor 'n finansiële produk sonder enige uitdruklike of silswyende aanbeveling, voorligting of voorstel dat enige besondere transaksie ten opsigte van die produk geskik is vir die besondere beleggingsoogmerke, finansiële situasie of besondere behoeftes van 'n klient;
- (iii) advies verskaf deur—
- (aa) die raad van beheer, of enige raadslid, van enige pensioenfondsortganisasie of onderlinge hulpvereniging bedoel in paragraaf (d) van die omskrywing van „finansiële produk” in subartikel (1), aan die lede van die organisasie of hulpvereniging oor voordele wat deur daardie lede geniet word of geniet staan te word; of
- (bb) die raad van trustees van enige mediese skema bedoel in paragraaf (g) van genoemde omskrywing van „finansiële produk”, of enige raadslid, aan die lede van die mediese skema, oor gesondheidsorgvoordele wat deur sodanige lede geniet word of wat geniet staan te word; of
- (iv) enige ander adviserende aktiwiteit deur die registrateur, na oorlegpleging met die Advieskomitee, by kennisgewing in die *Staatskoerant* vrygestel van die bepalings van hierdie Wet;
- (b) sluit tussengangersdiens nie in nie—
- (i) die lewering deur 'n bank, 'n onderlinge bank of 'n koöperatiewe bank van 'n diens beoog in paragraaf (b) (ii) van die omskrywing van „tussengangersdiens” waar die bank, onderlinge bank of koöperatiewe bank slegs optree as 'n geleëhuis tussen 'n klient en 'n ander produkvoorsiener;
[Sub-par. (i) vervang deur a. 45 (e) van Wet No. 22 van 2008.]
- (ii) 'n tussengangersdiens verskaf deur 'n produkverskaffer—
- (aa) wat kragtens 'n besondere wet gemagtig is om besigheid te dryf as 'n finansiële instelling; en
- (bb) waar die lewering van sodanige diens gereël word deur of kragtens sodanige wet;
- (iii) enige ander diens deur die registrateur, na oorlegpleging met die Advieskomitee, by kennisgewing in die *Staatskoerant* vrygestel van die bepalings van hierdie Wet.

(4) Die bepalings van hierdie Wet is slegs van toepassing op die lewering van 'n finansiële diens ten opsigte van 'n deposito bedoel in paragraaf (f) van die omskrywing van

„finansiële produk” in subartikel (1) met ’n termyn van hoogstens 12 maande deur ’n verskaffer wat ’n bank is soos omskryf in die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), of ’n onderlinge bank soos omskryf in die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993), of ’n koöperatiewe bank soos omskryf in die „Co-operative Banks Act, 2007” (Wet No. 40 van 2007), vir sover sodanige toepassing gereël word in die gedragkode beoog in artikel 15 (2) (b).

[Sub-A. (4) vervang deur a. 45 (f) van Wet No. 22 van 2008.]

(5) Bepalings van hierdie Wet met betrekking tot verskaffers van finansiële dienste, verteenwoordigers en produkvoorsieters is van toepassing op enige natuurlike persoon of groep natuurlike persone handelende binne die bestek van amppligte in die diens van die Staat, of enige organisatoriese eenheid van die Staat, of enige openbare entiteit, tensy die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* anders bepaal ten opsigte van enige sodanige persoon, groep, eenheid of entiteit.

(6) Hierdie Wet word uitgelê as aanvullend tot enige ander wet wat nie met sy bepalings onbestaanbaar is nie, en nie as vervangend van enige sodanige wet nie.

HOOFTSTUK I ADMINISTRASIE VAN WET

2. **Registrateur en adjunkregistrateur van verskaffers van finansiële dienste.**—Die uitvoerende beampte en adjunk- uitvoerende beampte van die Raad is onderskeidelik die registrateur en adjunkregistrateur van verskaffers van finansiële dienste en het die bevoegdheid en pligte by of kragtens hierdie Wet of enige ander wet bepaal.

3. **Algemene bepalings betreffende registrateur.**—(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet is enige kennisgewing gegee, goedkeuring of vrystelling verleen, bepaling gemaak, vereisde of voorwaarde bepaal of opgelê, of enige ander beslissing geneem deur die registrateur kragtens ’n magtigende bepaling van hierdie Wet, slegs geldig indien dit in ’n duursame skriftelike of gedrukte vorm gesetel word of, waar elektronies gekommunikeer, korrek in ’n leesbare vorm versend is.

(2) Wanneer ook al die verrigting van enige handeling beoog in subartikel (1) kragtens hierdie Wet of enige ander wet deur ’n persoon verlang word, moet aansoek daarom, behoudens enige ander spesifieke voorsiening van hierdie Wet, skriftelik by die registrateur gedoen word en die aansoek moet—

- (a) gedoen word in die vorm en op die wyse bepaal deur of ingevolge hierdie Wet, of enige ander wet, of soos andersins deur die registrateur vereis;
- (b) vergesel gaan van—
 - (i) die gelde betaalbaar ingevolge hierdie Wet; en
 - (ii) die inligting of dokumente deur die registrateur vereis.

(3) Die registrateur moet in verband met die toepassing van enige bepaling van hierdie Wet op of ten opsigte van enige finansiële produk of finansiële diens, enige regulatiese of toesighoudende owerheid in die Republiek, met inbegrip van die Registrateur van Mediese Skemas, bedoel in artikel 42, wat by wet gemagtig is om ’n regulatiese of toesighoudende werksaamheid ten opsigte van sodanige produk of diens te verrig, raadpleeg.

4. **Spesiale bepalings betreffende bevoegdheid van registrateur.**—(1) Wanneer enig- iets ingevolge hierdie Wet vereis of toegeliet word om deur die registrateur binne ’n beson- dere tydperk gedoen te word, kan die registrateur op aansoek of op eie inisiatief daardie tydperk, voor die verstryking daarvan, om enige voldoende rede verleng.

(2) Die registrateur kan by kennisgewing 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dien-sie of 'n verteenwoordiger gelas om, binne 'n bepaalde tydperk, die registrateur te voorskyn van bepaalde inligting of dokumente wat deur die registrateur vir die doelindes van hierdie Wet vereis word.

(3) (a) Indien enige advertensie, brosjure of soortgelyke dokument met betrekking tot die lewering van 'n finansiële diens deur 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger deur enige persoon gepubliseer word, of gepubliseer staan te word, en enige sodanige dokument misleidend of verwarrend is, of enige onjuiste feitelike verklaring bevat, kan die registrateur daardie persoon by kennisgewing gelas om dit nie te publiseer nie, om op te hou om dit te publiseer, of om veranderinge daaraan aan te bring.

(b) 'n Kennisgewing beoog in paragraaf (a) tree in werking op 'n datum vermeld in sodanige kennisgewing nadat die registrateur—

(i) aan die betrokke persoon die redes vir die kennisgewing verstrekket; en

(ii) die betrokke persoon 'n redelike geleentheid gegee het om aangehoor te word.

(4) Indien daar rede bestaan om te glo dat 'n persoon 'n bepaling van hierdie Wet oor-tree of versuim om daaraan te voldoen, of oortree het of versuim het om daaraan te voldoen, kan die registrateur—

(a) by kennisgewing daardie persoon gelas—

(i) om die registrateur binne 'n bepaalde tydperk te voorskyn van bepaalde inligting of dokumente in besit of onder beheer van daardie persoon en wat betrekking het op die onderwerp van daardie oortreding of versuim;

(ii) om voor die registrateur te verskyn op 'n bepaalde tyd en plek met die oog op 'n bespreking van sodanige aangeleentheid met die registrateur; of

(iii) om reëlings te tref vir voldoening aan alle of enige deel van daardie per-
soon se verpligtinge ingevolge hierdie Wet;

(b) indien tevrede dat in die betrokke geval beduidende nadeel of skade aan kliënte voorgekom het of kan voorkom, by 'n Hof aansoek doen om 'n bevel wat so-danige persoon belet om voort te gaan met besigheid of met hantering van die fondse of ander eiendom deur sodanige persoon gehou namens kliënte of ander persone, hangende die instel deur die registrateur van 'n aansoek of aksie beoog in artikel 33 (1) en (2), of die uitvoering deur die registrateur van sodanige an-der regsremedie wat vir die registrateur beskikbaar is;

(c) indien nadeel of skade aan 'n klient kon voorgekom het, die aangeleentheid, tesame met enige inligting of dokumentasie in die registrateur se besit, na die Kantoor verwys om mee gehandel te word as 'n klagte deur die betrokke klient.

(5) (a) Die registrateur kan—

(i) enige geskikte persoon in diens van die Raad of enige ander geskikte persoon magtig om 'n besoek ter plaase te bring aan die besigheid en sake van 'n verskaffer of verteenwoordiger, om voldoening aan hierdie Wet te bepaal; of

(ii) 'n inspekteur kragtens artikel 3 van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1998 (Wet No. 80 van 1998), opdrag gee.

(b) 'n Persoon wat 'n besoek ter plaase bring ingevolge paragraaf (a) (i) kan—

(i) te eniger tyd gedurende besigheidsure—

(aa) die perseel van die verskaffer of verteenwoordiger betree en die verskaffer of verteenwoordiger moet op versoek enige dokument verskaf;

(bb) die perseel van die verskaffer of verteenwoordiger vir enige dokument deursoek;

(cc) enige dokument ondersoek, uitreksels daaruit en afskrifte daarvan maak of, teen die uitreiking van 'n kwitansie, die dokument tydelik verwyder;

(*dda*) teen die uitreiking van 'n kwitansie beslag lê op enige dokument wat bewys kan lewer van enige versuim om aan die bepalings van hierdie Wet te voldoen;

(ii) van die verskaffer of verteenwoordiger vereis om op 'n vermeldde tyd en plek enige vermeldde dokumente of dokumente van 'n vermeldde beskrywing in die besit of onder die beheer van die verskaffer of verteenwoordiger voor te lê;

(iii) van enige persoon wat enige dokument hou of daarvoor verantwoordelik is, vereis om inligting en 'n verduideliking van daardie inligting te verskaf.

[Sub-a. (5) bygevoeg deur a. 46 van Wet No. 22 van 2008.]

(6) Na 'n besoek of ondersoek ter plaatse ingevolge subartikel (5) gebring of uitgevoer is, kan die registrateur die betrokke verskaffer, verteenwoordiger of persoon gelas om enige stappe te doen, of hom of haar daarvan te onthou om enige handeling uit te voer of om aan te hou om dit uit te voer, ten einde enige oortreding van of versuim om te voldoen aan enige bepaling van hierdie Wet, te beëindig of reg te stel.

[Sub-a. (6) bygevoeg deur a. 46 van Wet No. 22 van 2008.]

(7) Die registrateur kan—

(a) die stand van sake rakende 'n inspeksie en die uitkoms daarvan;

(b) die besonderhede van 'n inspeksie indien openbaarmaking in die openbare belang is;

(c) die uitkoms en besonderhede van 'n besoek ter plaatse indien openbaarmaking in die openbare belang is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur middel van enige ander toepaslike openbare media bekend maak.

[Sub-a. (7) bygevoeg deur a. 46 van Wet No. 22 van 2008.]

5. Advieskomitee op Verskaffers van Finansiële Dienste.—(1) Daar is 'n Advieskomitee op Verskaffers van Finansiële Dienste wat enige aangeleentheid wat betrekking het op verskaffers van finansiële dienste op eie inisiatief kan, of op versoek van die Minister of die registrateur moet, ondersoek en daarvoor verslag doen of adviseer.

(2) Die Advieskomitee bestaan uit 'n voorsitter en ander lede, met inbegrip van 'n verteenwoordiger van die Raad of Mediese Skemas ingestel by artikel 3 van die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998), en persone wat verteenwoordigend is van produktevoorsieners, verskaffers van finansiële dienste en kliente betrokke by die toepassing van hierdie Wet, aangestel deur die Minister na oorlegpleging met die Raad.

(3) Die registrateur is ampshalwe lid van die Advieskomitee, maar sonder stemreg oor aangeleenthede waarvoor die registrateur deur die Advieskomitee geadviseer moet word.

(4) 'n Lid van die Advieskomitee, uitgesonderd die registrateur, beklee die amp vir die tydperk deur die Minister bepaal wanneer die aanstelling gemaak word.

(5) 'n Lid van die Advieskomitee, uitgesonderd die registrateur, wat nie in hecbydse diens van die Staat of die Raad is nie, word die vergoeding en toelae betaal wat deur die Raad bepaal word, ten opsigte van enige uitgawes aangegaan by die verrigting van die werksaamhede van daardie komitee.

(6) Die Advieskomitee kan vergader of andersins reëlings tref vir die verrigting van sy werksaamhede, en kan sy vergaderings na goeddunke reël, na oorlegpleging met die Raad.

(7) Die registrateur kan enige inligting wat in die registrateur se besit is, en wat relevant is tot enige aangeleentheid wat deur die Advieskomitee ondersoek of oorweeg word, aan die Advieskomitee voorlê.

(8) Die Advieskomitee kan die hulp inroep van die persoon of persone wat hy nodig ag om bystand te verleen, of om aangeleenthede met betrekking tot verskaffers van finansiële dienste te ondersoek.

- (9) Die registrateur is verantwoordelik vir die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die Advieskomitee.
- (10) Die uitgawes in verband met die werksaamhede van die Advieskomitee word besty uit die fondse van die Raad, wie se goedkeuring vereis word vir alle uitgawes wat die Komitee voorneem om aan te gaan of werklik aangaan.
- (11) Die bepalinge van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), betreffende die dagvaarding en ondervraging van persone en die oplegging van ede of bevestigings aan hulle, die versoek vir die voorlegging van boeke, dokumente en voorwerpe, en misdrywe deur getuies, is met die nodige veranderinge van toepassing vir die doeleindes van enige ondersoek deur die Advieskomitee.

6. Delegerings en magtigings.—(1) Die Minister kan, op die voorwaardes wat die Minister bepaal (wat die Minister te eniger tyd daarna kan wysig of intrek), enige bevoegdheid aan die Minister by hierdie Wet verleen, uitgesonderd die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig kragtens artikel 35, aan die hoof van die Nasionale Tesourie, enige ander beampte in die Nasionale Tesourie, of die registrateur delegeer.

(2) Die Raad kan—

- (a) op die voorwaardes wat die Raad bepaal (wat die Raad te eniger tyd daarna kan wysig of intrek), enige bevoegdheid aan die Raad by of kragtens hierdie Wet verleen, uitgesonderd die bevoegdheid om reëls op te stel kragtens artikel 26, aan die voorsitter, enige ander lid van die Raad of die registrateur delegeer; of
- (b) die voorsitter, enige ander lid van die Raad of die registrateur aldus magtig om enige plig aan die Raad by of kragtens hierdie Wet toegeewys, uit te voer.

(3) Die registrateur kan—

- (a) op die voorwaardes wat die registrateur bepaal (wat die registrateur te eniger tyd daarna kan wysig of intrek), enige bevoegdheid aan die registrateur by of kragtens hierdie Wet verleen, met inbegrip van 'n bevoegdheid aan die registrateur kragtens hierdie Wet gedelegeer, delegeer aan—
- (i) 'n ander lid van die uitvoerende bestuur van die Raad;
- (ii) enige persoon wat deur die Raad aangestel is; of
- (iii) enige persoon of liggaam wat deur die Raad vir daardie doel erken is; of
- (b) sodanige lid van die uitvoerende bestuur, persoon of liggaam aldus magtig om enige plig toegeewys aan die registrateur by of kragtens hierdie Wet, uit te voer.

(4) Vir die doeleindes van erkenning deur die Raad van 'n liggaam beoog in subartikel (3) (a) (iii), is die volgende bepalinge van toepassing:

- (a) Enige liggaam van persone wat 'n groep persone verteenwoordig wat binne die bestek van hierdie Wet val, kan by die registrateur aansoek doen om erkenning deur die Raad by kennisgewing in die *Staatskoerant* as 'n verteenwoordigende liggaam ten einde die werksaamhede bepaal deur die registrateur na oorlegging met die Advieskomitee en die Raad te verrig;

(Algemene Kennisgewing: Werksaamhede wat deur erkende verteenwoordigende liggame verrig moet word bepaal onder Raadskennisgewing No. 33 in *Staatskoerant* 24794 van 2 Mei 2003. Kennisgewing van verteenwoordigende liggame erken vir verrigting van sekere werksaamhede gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 132 in *Staatskoerant* 25702 van 7 November 2003 (skeps in Engels).)

(b) 'n aansoek om daardie erkenning—

- (i) word gedoen op die wyse bepaal deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant*;
- (ii) word vergesel van die geldende bepaal ingevolge hierdie Wet;

- (iii) word vergesel van inligting wat bewys dat die aansoeker oor voldoende finansiële, bestuurs- en manskrag hulpbronne en ondervinding beskik wat nodig is vir die verrigting van die wetsaanhede deur die registrateur bepaal, en dat die aansoeker redelikerwys verteenwoordigend is van die betrokke groep persone wat dit heet te verteenwoordig;

[Algemene Kennisgewing: Aansoeke deur verteenwoordigende liggame vir erkenning deur die Raad op Finansiële Dienste bepaal onder Raadskennisgewing No. 34 in *Staatskoerant* 24794 van 2 Mei 2003.]

- (c) indien die registrateur tevrede is dat die aansoeker aan alle vereistes voldoen het, moet die aansoek deur die registrateur aan die Raad vir oorweging voorgelê word;
- (d) die Raad kan—
- (i) 'n aansoek onvoorwaardelik toestaan; of
- (ii) 'n aansoek toestaan onderworpe aan die voorwaardes wat dit nodig ag, nadat die aansoeker 'n redelike geteentheid gegee is om vertoë oor die voorgestelde voorwaardes voor te lê en sodanige vertoë oorweeg is, en die registrateur gelas om die aansoeker dienooreenkomstig in te lig; of
- (iii) nadat die aansoeker 'n redelike geteentheid gegee is om vertoë te rig en enige sodanige vertoë oorweeg is, 'n aansoek weier en die registrateur gelas om die skriftelike redes van die Raad vir die weiering aan die aansoeker te verstrek;
- (e) 'n liggaam erken as 'n verteenwoordigende liggaam beoog in hierdie subartikel kan te eniger tyd by die Raad aansoek doen om die intrekking of wysigting van enige voorwaarde wat by die toestaan van die aansoek opgelê is;
- (f) die Raad kan—
- (i) enige aansoek bedoel in paragraaf (e), of 'n deel daarvan, toestaan en die registrateur gelas om die aansoeker dienooreenkomstig in te lig; of
- (ii) enige sodanige aansoek, of deel daarvan, weier, en die registrateur gelas om die skriftelike redes van die Raad vir die weiering aan die aansoeker te verstrek.
- (5) Enige delegering of magtiging beoog in hierdie artikel belet nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid of uitvoering van die betrokke plig deur die Minister, Raad of registrateur, na gelang van die geval, nie.
- (6) Enigiets gedoen of gelaat kragtens 'n delegering of magtiging beoog in hierdie artikel word geag gedoen of gelaat te wees deur die Minister, die Raad of die registrateur, na gelang van die geval.

HOOFSTUK II

MAGTIGING VAN VERSKAFTERS VAN FINANSIËLE DIENSTE

7. **Magtiging van verskafers van finansiële dienste.**—(1) Met ingang van 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, mag geen persoon optree of aanbid om op te tree as 'n verskaffer van finansiële dienste nie, tensy aan sodanige persoon 'n lisensie kragtens artikel 8 uitgereik is.

(Algemene Kennisgewing: Vaststelling van datum teen 30 September 2004 onder Goewernments-kennisgewing No. 270 in *Staatskoerant* 26080 van 5 Maart 2004.)

(2) Behoudens artikel 40 is 'n transaksie aangegaan op of na die datum beoog in subartikel (1) tussen 'n produkvoorstener en enige klient uit hoofde van 'n finansiële diens verskaf aan die klient deur 'n persoon wat nie as 'n verskaffer van finansiële dienste gemagtig is nie, of deur enige ander persoon handelende namens sodanige ongemagtigde persoon, nie onafwingsbaar tussen die produkvoorstener en die klient bloot vanweë sodanige gebrek aan magtiging nie.

(3) 'n Oemagtigde verskaffer van finansiële dienste of verteenwoordiger mag slegs besigheid wat in verband staan met finansiële dienste dryf met 'n persoon wat finansiële dienste lewer indien, waar dit regmatig vereis word, 'n lisensie vir die lewering van sodanige finansiële dienste en die voorwaardes en beperkings van daardie lisensie die verskaffing van daardie finansiële dienste magtig, aan daardie persoon uitgereik is of indien daardie persoon 'n verteenwoordiger is soos beoog in hierdie Wet.

[Sub-a. (3) bygevoeg deur a. 47 van Wet No. 22 van 2008 met inwerkingtreding vanaf 1 Mei 2009.]

8. **Aansoek om magtiging.**—(1) 'n Aansoek om 'n magtiging bedoel in artikel 7 (1), met inbegrip van 'n aansoek deur 'n aansoeker wat nie in die Republiek gedomiseleer is nie, moet aan die registrateur voorgelê word in die vorm en op die wyse deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, en vergesel gaan van die inligting om die registrateur te stel dat die aansoeker voldoen aan die vereistes vir geskikte en gepaste verskaffers van finansiële dienste of kategorieë verskaffers, deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, na raadpleging met die Advieskomitee, ten opsigte van—

- (a) persoonlike karaktereenskappe van eerlikheid en integriteit;
- (b) die bekwaamheid en bedryfsvermoë van die aansoeker om die verantwoordelikhede opgelê deur hierdie Wet na te kom; en
- (c) die finansiële gesondheid van die aansoeker.

Met dien verstande dat waar die aansoeker 'n vennootskap, 'n trust of 'n liggaam, hetsy met regs persoonlikheid bektee al dan nie, is, die aansoeker die registrateur ook aldus tevrede moet stel dat enige sleutelpersoon ten opsigte van die aansoeker aan genoemde vereistes ten opsigte van—

- (i) persoonlike karaktereenskappe van eerlikheid en integriteit; en
 - (ii) bekwaamheid en bedryfsvermoë,
- voldoen vir sover vereis vir so 'n sleutelpersoon om die verantwoordelikhede deur hierdie Wet aan die sleutelpersoon opgelê, na te kom.

(Algemene Kennisgewing: Geskikte en gepaste vereistes vir verskaffers van finansiële dienste bepaal onder Raadskennisgewing No. 91 in *Staatskoerant* 25446 van 10 September 2003 (slegs in Engels).)

(2) Die registrateur kan—

- (a) van 'n aansoeker vereis om die bykomende inligting te verstrek, of vereis dat dié inligting geverifieer moet word, wat die registrateur nodig ag; en
- (b) enige ander inligting betreffende die aansoeker, verkry van welke bron ook al, met inbegrip van die Ombud en enige ander regulerende of toesighoudende owerheid, in ag neem indien sodanige inligting aan die aansoeker openbaar word en laasgenoemde 'n redelike geleentheid gegee word om daarop te antwoord.

(3) Die registrateur moet na oorweging van 'n aansoek—

- (a) indien tevrede dat 'n aansoeker aan die vereistes van hierdie Wet voldoen, die aansoek toestaan; of
- (b) indien nie aldus tevrede nie, die aansoek weier.

(4) (a) Waar 'n aansoek toegestaan word, kan die registrateur die voorwaardes en beperkings op die uitoefening van die magtiging verleen deur die lisensie en wat by die lisensie ingesluit moet word, ople wat nodig is, met inagneming van—

- (i) alle feite en inligting aan die registrateur beskikbaar met betrekking tot die aansoeker en enige sleutelpersoon van die aansoeker;
- (ii) die kategorie finansiële dienste wat die aansoeker gepas kan lewer of wens te lewer;

- (iii) die kategorie verskaffers van finansiële dienste waartoe die aansoeker geklassifiseer gaan wees met betrekking tot die vereistes vir geskiktheid en gepastheid in subartikel (1) vermeld; en
- (iv) enige riglyne voorsien aan die registrateur deur die Advieskomitee of die Raad.
- (b) Voorwaardes en beperkings beoog in paragraaf (a) kan 'n voorwaarde insluit dat waar na die datum van verlening van die lisensie—
- (i) enige sleutelpersoon ten opsigte van die lisensiehouer se besigheid vervang word deur 'n nuwe sleutelpersoon; of
- (ii) enige nuwe sleutelpersoon aangestel word of amp aanvaar; of
- (iii) enige verandering plaasvind in die persoonlike omstandighede van 'n sleutelpersoon wat die vereistes vir geskiktheid en gepastheid vermeld in subartikel (1) maak, en wat maak of kan maak dat sodanige persoon nie meer 'n geskikte en gepaste persoon is nie,
- geen sodanige persoon toegelaat kan word om deel te neem aan die dryf of die bestuur van, of die toesig oor, die lisensiehouer se besigheid met betrekking tot die lewering van finansiële dienste nie, tensy sodanige persoon op aansoek goedgekeur is deur die registrateur op die wyse en ooreenkomstig 'n prosedure deur die registrateur, na oortegpling met die Advieskomitee, by kernisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

(Algemene Kennisgewing: Bepaling van prosedure vir goedkeuring van sleutelpersone gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 122 in *Staatskoerant* 25628 van 24 Oktober 2003 (slegs in Engels).)

- (5) (a) Waar 'n aansoek toegestaan word, reik die registrateur aan die aansoeker—
- (i) 'n lisensie uit wat die aansoeker magtig om as verskaffer van finansiële dienste op te tree, in die vorm bepaal deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant*; en
- (ii) die getal gesertifiseerde kopieë van die lisensie uit wat die aansoeker versoek.
- (b) Die registrateur kan te eniger tyd na die uitreiking van 'n lisensie—
- (i) op aansoek van die lisensiehouer of op eie inisiatief enige voorwaarde of beperking ten opsigte van die lisensie intrek of wysig, na verlening aan die lisensiehouer van 'n redelike geleentheid om vertoë oor die voorgestelde intrekking of wysiging te rig en oorweging van sodanige vertoë, indien die registrateur tevrede is dat enige sodanige intrekking of wysiging geregtigdig is en nie die belange van kliënte van die lisensiehouer sal benadeel nie; of
- (ii) voortspruitend uit 'n evaluering van 'n nuwe sleutelpersoon, of 'n verandering in die persoonlike omstandighede van 'n sleutelpersoon, bedoel in subartikel (4), nuwe voorwaardes aan die lisensiehouer oplei nadat die lisensiehouer 'n redelike geleentheid gegee is om aan te hoor te word en redes aan die lisensiehouer verstrekk is,
- en moet in elke sodanige geval 'n toepaslik gewysigde lisensie aan die lisensiehouer uitreik, en die getal gesertifiseerde kopieë van die gewysigde lisensie wat die lisensiehouer versoek.
- (6) Waar 'n aansoek bedoel in subartikel (1) geweier word, moet die registrateur—
- (a) die aansoeker daarvan in kennis stel; en
- (b) redes vir die weiering verstrekk.
- (7) (a) Ondanks die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) moet aan 'n persoon aan wie akkreditering verleen is kragtens artikel 65 (3) van die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998), behoudens hierdie subartikel, magtiging verleen word om die bepaalde finansiële diens as 'n verskaffer van finansiële dienste te lewer waarvoor die persoon gekrediteer is, en 'n lisensie moet ingevolge subartikel (5) aan so 'n persoon uitgereik word.
- (b) Die registrateur moet tevrede wees dat 'n persoon aan wie magtiging kragtens paragraaf (a) verleen moet word, en enige sleutelpersoon van so 'n persoon, aan die toepaslike vereistes vir geskiktheid en gepastheid kragtens subartikel (1) bepaal, voldoen.

(c) 'n Persoon aan wie magtiging verleen en 'n lissensie uitgetrek is soos beoog in paragraaf (a), tesame met enige sleutelpersoon, is daarna onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet.

(d) Indien 'n lissensie ingevolge—

- (i) hierdie artikel geweier word;
- (ii) artikel 9 opgeskort word;
- (iii) artikel 10 ingetrek word; of
- (iv) artikel 11 verval,

word die akkreditering bedoel in paragraaf (a) geag te verval het ingevolge die Wet op Mediese Skemas, 1998, of opgeskort of ingetrek te gewees het, na gelang van die geval.

(e) Indien 'n akkreditering bedoel in paragraaf (a) opgeskort of ingetrek word of verval ingevolge die Wet op Mediese Skemas, 1998, word die lissensie ingevolge daardie paragraaf uitgetrek, geag onderskeidelik opgeskort of ingetrek te gewees het of te verval het ingevolge artikels 9, 10 en 11 van hierdie Wet.

(8) 'n Lissensiehouer moet—

- (a) 'n gesserifiseerde kopie van die lissensie op 'n prominente en duursame wyse binne elke besighedspersoneel van die lissensiehouer vertoon;
- (b) verseker dat 'n verwysing na die feit dat so 'n lissensie gehou word, vervat is in elke besighedsdokumentasie, advertensies en ander promosiemateriaal;
- (c) verseker dat die lissensie te alle tye onmiddellik, of binne 'n redelike tyd, beskikbaar is vir voortegging aan enige iemand wat bewys van gelisensieerde status versoek kragtens gesag van 'n wet of vir die doel van die aangaan van 'n besighedsvethouding met die lissensiehouer.

(9) 'n Persoon mag nie op enige wyse van 'n lissensie of 'n kopie daarvan vir besighedsdoeleindes gebruik maak nie waar die lissensie verval het of ingetrek is of, behoudens artikel 9 (2), gedurende enige tyd wanneer die lissensiehouer onder voortlopiige of finale opskorting beoog in artikel 9 verkeer nie.

(10) (a) Waar 'n verskaffer 'n liggaam, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie, of 'n trust of 'n vennootskap is, moet die verskaffer—

- (i) te alle tye oortuig wees dat elke direkteur, lid, trustee of vennoot van die verskaffer wat nie 'n sleutelpersoon in die verskaffer se besigheid is nie, voldoen aan die vereistes ten opsigte van persoonlike karakterenskappe van eerlikheid en integriteit soos beoog in paragraaf (a) van artikel 8 (1);
- (ii) binne 15 dae vanaf die aanstelling van 'n nuwe direkteur, lid, trustee of vennoot die registrateur in kennis stel van die aanstelling en die inligting oor die aangeleentheid wat die registrateur redelikerwys verlang aan die registrateur verstrek.

(b) Indien die registrateur oortuig is dat 'n direkteur, lid, trustee of vennoot nie aan die vereistes soos beoog in paragraaf (a) van artikel 8 (1) voldoen nie, kan die registrateur die lissensie van die verskaffer opskort of intrek soos beoog in artikel 9.

[Sub-a. (10) bygevoeg deur a. 48 van Wet No. 22 van 2008.]

9. **Opskorting en intrekking van magtiging.**—(1) Die registrateur kan, behoudens subartikel (2) en ongeag of die registrateur enige stappe of prosedure bedoel in artikel 4 gedoen of gevolg het, of doen of volg, te eniger tyd enige lissensie (met inbegrip van die lissensie van 'n lissensiehouer onder voortlopiige of finale opskorting) opskort of intrek indien oortuig, op grond van beskikbare feite en inligting, dat die lissensiehouer—

- (a) nie meer voldoen aan die vereistes beoog in artikel 8 nie;

- (b) nie, toe om die lisensie aansoek gedoen is, al die tersaaklike inligting volledig aan die registrateur openbaar het nie, of valse of misleidende inligting verskrek het;
- (c) versuim het om te voldoen aan enige ander bepaling van hierdie Wet; of aanspreklik is vir betaling van 'n heffing kragtens artikel 15A van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990), 'n bedrag of boete kragtens artikel 33 (2), 'n boete kragtens artikel 41 (2) en (3) of 'n administratiewe sanksie kragtens artikel 6D (2) van die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001 (Wet No. 28 van 2001), en versuim het om genoemde heffing, bedrag of administratiewe sanksie en enige rente ten opsigte daarvan te betaal.
- (2) (a) Voordat 'n lisensie opgeskort of ingetrek word—
- (i) kan die registrateur enige regulatoriese owerheid raadpleeg; en
 - (ii) moet die registrateur die lisensiehouer in kennis stel van die voorname om die lisensie op te skort of in te trek en van die gronde daarvoor en moet die registrateur die lisensiehouer 'n redelike geleentheid bied om 'n voorlegging in antwoord daarop te doen.
- (b) Waar die registrateur die opskorting van enige lisensie beoog, moet hy of sy ook die lisensiehouer in kennis stel van—
- (i) die beoogde tydperk van die opskorting; en
 - (ii) enige voorwaardes aan die opskorting verbonde, met inbegrip van—
 - (aa) 'n verbod op die afhandeling van enige nuwe besigheid deur die lisensiehouer vanaf die effektiewe datum van die opskorting en, met betrekking tot onafgehandelde besigheid, die maatreëls wat die registrateur bepaal vir die beskerming van die belange van kliente van die lisensiehouer; en
 - (bb) voorwaardes wat bestem is om die opheffing van die opskorting te vergemaklik.
- (c) Die registrateur moet enige antwoord wat ontvang is oorweeg, en kan daarna besluit om die lisensie op te skort of in te trek, of om dit nie op te skort of in te trek nie, en moet die lisensiehouer van die besluit in kennis stel.
- (d) Waar die lisensie opgeskort of ingetrek word, moet die registrateur die redes vir die opskorting of intrekking en enige voorwaardes daaraan verbonde by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak, en kan die registrateur sodanige inligting deur middel van enige ander toepaslike openbare media bekend maak.
- (3) Ondanks die bepalings van subartikel (2) kan die registrateur in dringende omstandighede, waar die registrateur op redelike gronde oortuig is dat wesenlike nadeel aan kliente of die algemene publiek kan voortkom—
- (a) 'n lisensie voorlopig opskort of intrek, en die lisensiehouer in kennis stel van die—
 - (i) gronde daarvoor; en
 - (ii) tydperk en voorwaardes van die opskorting soos bedoel in subartikel (2) (b), en die lisensiehouer 'n redelike geleentheid gee om daarop te antwoord en redes te verskaf waarom die voorlopige opskorting of intrekking opgehef behoort te word of waarom die tydperk en voorwaardes verander behoort te word; en
 - (b) sodanige voorlopige opskorting of intrekking bekend maak by kennisgewing in die *Staatskoerant* en, indien nodig, deur middel van enige ander toepaslike openbare media.
- (4) (a) Die registrateur moet binne 'n redelike tyd na ontvangs van 'n antwoord beoog in subartikel (3) (a) die antwoord oorweeg, en kan daarna besluit om—
- (i) die voorlopige opskorting of intrekking op te hef; of

(ii) die opskorting of intrekking finaal te maak, en die registrateur moet die lisensiehouer dienooreenkomstig in kennis stel.

(b) Die registrateur moet die voorwaardes van en redes vir sodanige finale opskorting of intrekking, of die ophëffing daarvan, bekend maak by kennisgewing in die *Staatskoerant* en, indien nodig, in enige ander toepaslike openbare media.

(5) Die betrokke lisensiehouer word, gedurende enige tydperk van opskorting, bety voorlopig of finaal, vir die doeleindes van hierdie Wet geag 'n persoon te wees wat nie gemagtig is om as 'n verskaffer van finansiële dienste op te tree nie.

(6) (a) 'n Persoon wie se lisensie kragtens hierdie artikel ingetrek is, word vir 'n tydperk vermeld deur die registrateur belet om aansoek te doen om 'n nuwe lisensie.

(b) Die registrateur kan, by aanvoëring van gegronde redes, enige sodanige tydperk wysig.

[A. 9 vervang deur a. 49 van Wet No. 22 van 2008.]

10.

[A. 10 herroep deur a. 50 van Wet No. 22 van 2008.]

11. Verval van lisensie.—(1) 'n Lisensie verval—

(a) waar die lisensiehouer, synde 'n natuurlike persoon—

(i) permanent onbekwaam word om enige besigheid te dryf as gevolg van fisiese of geesteslekte of ernstige besering;

(ii) finaal gesekwestreer word; of

(iii) sterf;

(b) waar die lisensiehouer, synde enige ander persoon, finaal gelikwildeer of ontbind word;

(c) waar die besigheid van die lisensiehouer tot stilstand gekom het; en

(d) in enige ander geval, waar die lisensiehouer die lisensie vrywilling en finaal oorgee aan die registrateur.

(2) Die registrateur moet skriftelik deur die lisensiehouer, enige sleutelpersoon van die lisensiehouer, of 'n ander persoon in beheer van die sake van die lisensiehouer, na gelang van die geval, in kennis gestel word van die verval van 'n lisensie en die redes daarvoor, en die registrateur kan sodanige verval van 'n lisensie bekend maak by kennisgewing in die *Staatskoerant* en, indien nodig, deur middel van enige ander toepaslike aankondiging in die openbare media.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 51 van Wet No. 22 van 2008.]

12. **Vrystellings ten opsigte van produkvoorsieners.**—(1) Die registrateur kan 'n produkvoorsiener wat gemagtig of goedgekeur is kragtens 'n besondere wet om besigheid as 'n finansiële instelling te dryf, en van wie vereis word om aansoek te doen om magtiging kragtens artikel 8, vrystel van die voorkëgging van 'n deel van of alle inligting wat andersins van 'n aansoeker vereis word: Met dien verstande dat die produkvoorsiener—

(a) aansoek doen om vrystelling by indiening van die aansoek; en

(b) voldoen aan die vereistes van die registrateur betreffende inligting wat nog vereis word.

(2) Magtiging verleen aan 'n produkvoorsiener beoog in subartikel (1) is aanvullend tot, maar afsonderlik van, die voorsiener se magtiging of goedkeuring as finansiële instelling kragtens 'n besondere wet.

HOOFSTUK III
 VERTEENWOORDIGERS VAN GEMAGTIGDE VERSKAFTERS VAN
 FINANSIELE DIENSTE

13. **Kwalifikasies van verteenwoordigers en pligte van gemagtigde verskaffers van finansiële dienste.**—(1) 'n Persoon mag nie—

- (a) besigheid dryf deur finansiële dienste aan kliënte te verskat vir of namens enige persoon wat—
- (i) nie as 'n verskaffer van finansiële dienste gemagtig is nie; en
- (ii) nie van die toepassing van hierdie Wet met betrekking tot die verskaffing van 'n finansiële diens vrygestel is nie; of
- (Datum van inwerkingtreding van par. (a): 30 September 2004.)
- (b) optree as 'n verteenwoordiger van 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste nie, tensy so 'n persoon—
- (i) in staat is om bevestiging, gesertifiseer deur die verskaffer, aan kliënte te voorsien—
- (aa) dat 'n dienskontrak of ander opdrag, om die verskaffer te verteenwoordig, bestaan; en
- [Item (aa) vervang deur a. 52 (a) van Wet No. 22 van 2008.]
- (bb) dat die verskaffer verantwoordelikhed aanvaar vir daardie aktiwiteite van die verteenwoordiger vertig binne die bestek, of in die loop van implementering, van enige sodanige kontrak of opdrag;
- [Item (bb) vervang deur a. 52 (a) van Wet No. 22 van 2008.]
- (ii) indien onder belet soos beoog in artikel 14, voldoen aan die vereistes deur die registrateur, na oorlegpleging met die Advieskomitee, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, vir die heraanstelling van 'n persoon onder belet as 'n verteenwoordiger bepaal.

(Algemene Kennisgewing: Vereistes vir die heraanstelling van verteenwoordigers onder belet bepaal onder Raadskenisgewing No. 82 in *Staatskoerant* 25299 van 8 Augustus 2003 (slegs in Engels).)

(2) 'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet—

- (a) te alle tye oortuig wees dat die verskaffer se verteenwoordigers, en die sleutelpersone van sodanige verteenwoordigers, bevoeg is, wanneer hulle 'n finansiële diens namens die verskaffer lewer, om op te tree, en voldoen aan die vereistes beoog in paragrafe (a) en (b) van artikel 8 (1) en subartikel (1) (b) (ii) van hierdie artikel, waar van toepassing;

[Par. (a) vervang deur a. 52 (b) van Wet No. 22 van 2008.]

- (b) die stappe doen wat onder die omstandighede redelik is om te verseker dat verteenwoordigers voldoen aan enige toepaslike gedragskode asook aan ander toepaslike wette oor die dryf van besigheid.

(3) Die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet 'n register van verteenwoordigers, en sleutelpersone van sodanige verteenwoordigers byhou, wat gereeld bygewerk moet word en beskikbaar moet wees vir die registrateur vir verwysings- of inspeksie-doelendes.

(4) So 'n register moet—

- (a) die naam en besigheidsadres van elke verteenwoordiger of sleutelpersoon bevat, en aandui of die verteenwoordiger vir die verskaffer as werknemer of as lashebber optree; en
- (b) die kategorieë spesifiseer waarin die verteenwoordigers bevoeg is om finansiële dienste te lewer.

(3) 'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet procedures wat gevolg moet word deur die verskaffer en 'n betrokke verteenwoordiger instel en in stand hou, om voldoening aan hierdie Wet te verseker.

(4) 'n Voldoeningsbeaampte of, in die afwesigheid van daardie beaampte, die betrokke gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, moet verslae vir verskillende kategorieë voldoeningsbeaampes by die registrateur indien op die wyse en betreffende die aangeleentehede soos van tyd tot tyd bepaal deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant*, na oorlegpleging met die Advieskomitee.

(5) Die bepalings van subartikels (3) en (4) is met die nodige veranderinge van toepassing op enige gemagtigde verskaffer van finansiële dienste wat met slegs een sleutelpersoon of sonder enige verteenwoordiger 'n besigheid dryf.

18. Byhou van rekords.—'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet, behalwe in die mate deur die registrateur vrygestel, rekords vir 'n minimum tydperk van vyf jaar byhou betreffende—

- (a) bekende voortydige kansellerings van transaksies of finansiële produkte deur kliënte van die verskaffer;
- (b) klagtes ontvang saam met 'n aanduiding of so 'n klage besleg is of nie;
- (c) die volgehoue voldoening aan die vereistes bedoel in artikel 8;
- (d) gevalle van nie-voldoening aan die bepalings van hierdie Wet en die redes vir die nie-voldoening; en
- (e) die volgehoue voldoening deur verteenwoordigers aan die vereistes bedoel in artikel 13 (1) en (2).

vervolg op bladsy 718

(5) Die registrateur kan inligting van die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste vereis, met inbegrip van inligting bedoel in subartikel (4), om die registrateur in staat te stel om 'n sentrale register van alle verteenwoordigers en sleutelpersone te hou en voortdurend by te werk, welke register in enige toepasslike media gepubliseer moet word.

[Sub-a. (5) vervang deur a. 52 (c) van Wet No. 22 van 2008.]

(6) 'n Persoon wat op die datum beoog in artikel 7 (1) voldoen aan die vereistes van hierdie Wet vir 'n verteenwoordiger en op daardie datum optree as werknemer of lashouër vir enige persoon wat op of na daardie datum 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste word, word vir die doelindes van hierdie Wet, maar behouders die bepaling van hierdie Wet met betrekking tot verteenwoordigers, geag 'n verteenwoordiger te wees.

14. Belet van verteenwoordigers.—(1) 'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet verseker dat enige verteenwoordiger van die verskaffer wat nie langer voldoen aan die vereistes bedoel in artikel 13 (2) (a) nie of wat, op 'n wesenlike wyse, enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen, deur daardie verskaffer verbied word om enige nuwe finansiële diens te lewer deur die intrekking van enige magtiging om namens die verskaffer op te tree, en dat die naam van die verteenwoordiger, en die name van die sleutelpersone van die verteenwoordiger, verwyder word van die register bedoel in artikel 13 (3). Met dien verstande dat enige sodanige verskaffer onverwylid stappe moet doen om te verseker dat die belet nie die belange van kliënte van die verteenwoordiger benadeel nie, en dat enige omgehandelde besigheid van die verteenwoordiger behoorlik afgehandel word.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 53 van Wet No. 22 van 2008.]

(2) Vir die doelindes van die oplegging van 'n verbodiging bedoel in subartikel (1), moet die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste inligting betreffende die gebrag van die verteenwoordiger soos voorsien deur die registrateur, die Ombud of enige ander belangheb-bende persoon in aanmerking neem.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 53 van Wet No. 22 van 2008.]

(3) (a) Die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet binne 'n tydperk van 15 dae na die verwydering van die name van 'n verteenwoordiger en sleutelpersone van die register soos beoog in subartikel (1), die registrateur skriftelik daarvan in kennis stel en, in die formaat wat die registrateur vereis, die redes vir die belet aan die registrateur verstrek.

(b) Die registrateur kan enige sodanige belet en die redes daarvoor by kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur middel van enige ander toepasslike openbare media bekend maak.

[Sub-a. (3) vervang deur a. 53 van Wet No. 22 van 2008.]

14A. Belet deur registrateur.—(1) Die registrateur kan, behoudens subartikel (2), te eniger tyd 'n persoon, met inbegrip van 'n verteenwoordiger, vir 'n vermeldde tydperk belet om finansiële dienste te lewer indien oortuig op grond van beskikbare feite en inligting dat die persoon—

- (a) nie aan die vereistes beoog in artikel 8 (1) (a) voldoen nie of nie meer daaraan voldoen nie; of
- (b) enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen.

(2) Die bepaling van artikel 9 (2) rakende 'n besluit om 'n lisensie op te skort, is, met die nodige verandering, van toepassing op die belet van 'n persoon beoog in subartikel (1).

(3) 'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet, binne 'n tydperk van vyf dae nadat dié verskaffer deur die registrateur in kennis gestel is van die belet van 'n verteenwoordiger of sleutelpersoon, die name van daardie verteenwoordiger en sleutelpersone uit die register verwyder soos beoog in artikel 13 (3).

(4) Die registrateur kan enige sodanige belet en die redes daarvoor, of die opheffing daarvan, bekend maak by kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur middel van enige ander toepaslike openbare media.

[A. 14A ingevoeg deur a. 54 van Wet No. 22 van 2008.]

HOOFSTUK IV GEDRAGSKODES

15. **Publikasie van gedragskodes.**—(1) (a) Die registrateur moet, na oorlegplegting met die Advieskomitee en met verteenwoordigende liggame van die finansieledienstebedryf en kliente- en verbruikersliggame bepaal deur die Advieskomitee, 'n gedragskode vir gemagtigde verskaffers van finansiële dienste opstel.

(b) Die kode moet, na oorlegplegting, gepubliseer word by kennisgewing in die *Staatskoerant*, en word by sodanige publikasie bindend op alle gemagtigde verskaffers van finansiële dienste en verteenwoordigers daarin bedoel.

(2) (a) Verskillende gedragskodes kan aldus opgestel word ten opsigte van die lewering van 'n finansiële diens aan verskillende kategorieë kliente en van verskillende kategorieë gemagtigde verskaffers van finansiële dienste en hul bedrywighede in verskillende sektore van die finansieledienstebedryf, en verskillende kategorieë verteenwoordigers.

(b) 'n Gedragskode moet opgestel word vir die lewering van 'n finansiële diens ten opsigte van 'n deposito bedoel in paragraaf (f) van die omskrywing van „finansiële produk” in artikel 1 (1) met 'n termyn van hoogstens 12 maande deur 'n verskaffer wat 'n bank is soos omskryf in die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), 'n onderlinge bank soos omskryf in die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993), of 'n koöperatiewe bank soos omskryf in die „Co-operatiewe Banks Act, 2007” (Wet No. 40 van 2007).

[Sub-a. 2 vervang deur a. 55 van Wet No. 22 van 2008.]

(Algemene Kennisgewing: 'n Spesifieke gedragskode vir gemagtigde verskaffers van finansiële dienste en verteenwoordigers betrokke by korttermyn deposito bedrywighede gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 123 in *Staatskoerant* 25629 van 24 Oktober 2003 (slegs in Engels).)

(3) Sodanige gedragskodes kan van tyd tot tyd gewysig of vervang word ooreenkomstig die prosedure uiteengesit in subartikel (1).

(Algemene Kennisgewing: 'n Algemene gedragskode vir administratiewe en diskresionêre verskaffers van finansiële dienste gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 79 in *Staatskoerant* 25299 van 8 Augustus 2003 en gewysig onder Kennisgewing No. 3196 in *Staatskoerant* 25681 van 6 November 2003 (slegs in Engels). Gemagtigde verskaffers van finansiële dienste en hulle verteenwoordigers gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 80 in *Staatskoerant* 25299 van 8 Augustus 2003.)

16. **Beginsels van gedragskode.**—(1) 'n Gedragskode moet opgestel word op 'n wyse om te verseker dat kliente aan wie finansiële dienste verskaf word in staat sal wees om ingeligte besluite te neem, dat hul redelike finansiële behoeftes betreffende finansiële produkte toepaslik en toereikend bevredig sal word en dat vir daardie doeleindes gemagtigde verskaffers van finansiële dienste, en hul verteenwoordigers, deur die bepalinge van so 'n kode verplig word om—

- (a) eertlik en billik op te tree, en met die vereiste vaardigheid, sorgsaamheid en vlyt, in die belang van kliente en die integriteit van die finansieledienstebedryf;
- (b) oor die hulpbronne, prosedures en toepaslike tegnologiese stelsels vir die hooflike verrigting van professionele aktiwiteite te beskik, en dit doeltreffend aan te wend;

- (c) van kliënte toepaslike en beskikbare inligting betreffende hul finansiële posisies, ondervinding van finansiële produkte en oogmerke in verband met die verlangde finansiële diens te verkry;
- (d) omsigtig op te tree en kliënte billik te behandel in 'n situasie van botsende belange; en
- (e) aan alle toepaslike statutêre of gemeenregtelike vereistes van toepassing op die dryf van besigheid, te voldoen.
- (2) 'n Gedragskode moet in die besonder bepalings bevat met betrekking tot—
- (a) die meedelng van toereikende openbaar makings van relevante wesenlike inligting, met inbegrip van openbaar makings van werklike of potensieel eie belange, met betrekking tot transaksies met kliënte;
- (b) toereikende en toepaslike rekordhouding;
- (c) vermyding van bedrieglike en misleidende advertering, werwing en bemerking;
- (d) behoorlike veilige bewaring, skeiding en beskerming van fondse en transaksiedokumentasie van kliënte;
- (e) waar toepaslik, geskikte waarborg of professionele indennieits- of getrouheidsversekeringsdekking, en meganismes vir die aanpassing van daardie waarborg of dekking in enige besondere geval deur die registrateur;
- [Par. (e) gewysig deur a. 56 van Wet No. 22 van 2008.]
- (eA) die beheer van of verbod op aansporings gegee of aanvaar deur 'n verskaffer; en
- [Par. (eA) ingevoeg deur a. 56 van Wet No. 22 van 2008.]
- (f) enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is om in die kode gereguleer te word vir die beter bereiking van die oogmerke van hierdie Wet.

HOOFSTUK V

PLIGTE VAN GEMAGTIGDE VERSKAFTERS VAN FINANSIËLE DIENSTE

17. **Voltoeningsbeamptes en voltoeningsreëlings.**—(1) (a) Enige gemagtigde verskaffer van finansiële dienste met meer as een sleutelpersoon of een of meer verteenwoordigers moet, behoudens artikel 35 (1) (c), een of meer voltoeningsbeamptes aanstel om, in die besonder ooreenkomstig die prosedures beoog in subartikel (3), voltoening deur die verskaffer en daardie verteenwoordiger of verteenwoordigers aan hierdie Wet te monitor, en om verantwoordelikeid te neem vir skakeling met die registrateur.

(b) So 'n persoon kan enige persoon wees met geskikte kwalifikasies en ondervinding bepaal deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant*, na oorlegplegting met die Advieskomitee.

[Par. (b) vervang deur a. 57 (a) van Wet No. 22 van 2008.]

(Algemene Kennisgewing: Kwalifikasies en ondervinding van voltoeningsbeamptes in verband met finansiële dienste sake bepaal onder Raadskennisgewing No. 83 in *Staatskoerant* 25299 van 8 Augustus 2003 (slegs in Engels).)

(c) Die bepalings van artikel 19 (4), (5) en (6), met betrekking tot 'n outiteur van 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, is met die nodige veranderinge op 'n voltoeningsbeampte van toepassing.

[Par. (c) vervang deur a. 57 (a) van Wet No. 22 van 2008.]

(2) (a) 'n Voltoeningsbeampte moet deur die registrateur goedgekeur word ooreenkomstig die maastawwe en riglyne bepaal deur die registrateur na oorleg met die Advieskomitee.

(b) Die registrateur kan te eniger tyd die goedkeuring intrek indien oortuig op grond van die beskikbare feite en inligting dat die voltoeningsbeampte—

- (i) enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen; of

(ii) nie meer voldoen aan die maatstawwe en riglyne beoog in paragraaf (a) van hierdie subartikel nie.

(c) Die bepalinge van artikel 9 (2) aangaande 'n besluit om 'n magtiging in te trek (uitgesonderd sodanige bepalinge met betrekking tot tydperke en termyn) is met die nodige veranderinge van toepassing op 'n intrekking van 'n goedkeuring beoog in paragraaf (b) van hierdie subartikel.

(d) Die registrateur kan enige intrekking van goedkeuring kragtens hierdie subartikel en die redes daarvoor by kennisgewing in die *Staatskoerant* of deur middel van enige ander toepaslike openbare media bekend maak.

[Sub-a.2 vervang deur a. 57 (b) van Wet No. 22 van 2008.]

(Algemene Kennisgewing: Die maatstawwe en riglyne vir die goedkeuring van voldoening-beamptes bepaal onder Raadskenisgewing No. 84 in *Staatskoerant* 25299 van 8 Augustus 2003 (slegs in Engels).)

(3) 'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet prosedures wat gevolg moet word deur die verskaffer en 'n betrokke verteenwoordiger instel en in stand hou, om voldoening aan hierdie Wet te verseker.

(4) 'n Voldoeningsbeampte of, in die afwesigheid van daardie beampte, die betrokke gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, moet verslae vir verskillende kategorieë voldoening-beamptes by die registrateur indien op die wyse en betreffende die aangekeende soos van tyd tot tyd bepaal deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant*, na oorlegging met die Advieskomitee.

(5) Die bepalinge van subartikels (3) en (4) is met die nodige veranderinge van toepassing op enige gemagtigde verskaffer van finansiële dienste wat met slegs een sleutelpersoon of sonder enige verteenwoordiger 'n besigheid dryf.

18. *Byhou van rekords.*—'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet, behalwe in die mate deur die registrateur vrygestel, rekords vir 'n minimum tydperk van vyf jaar byhou betreffende—

- (a) bekende voortydige kanselerings van transaksies of finansiële produkte deur kliënte van die verskaffer;
- (b) klagtes ontvang saam met 'n aanduiding of so 'n klagte besleg is of nie;
- (c) die volgehoue voldoening aan die vereistes bedoel in artikel 8;
- (d) gevalle van nie-voldoening aan die bepalinge van hierdie Wet en die redes vir die nie-voldoening; en
- (e) die volgehoue voldoening deur verteenwoordigers aan die vereistes bedoel in artikel 13 (1) en (2).

19. *Rekeningkundige en oudiverreistes.*—(1) Behalwe in die mate vrygestel deur die registrateur, moet 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, ten opsigte van die besigheid deur die verskaffer gedryf soos gemagtig kragtens die lisensie van die verskaffer—

- (a) volle en behoorlike rekeningkundige rekords op 'n voortdurende basis en maandeliks bygewerk, hou; en
- (b) jaarliks, ten opsigte van die betrokke finansiële jaar van die verskaffer, finansiële state opstel wat—
 - (i) die finansiële posisie van die instansie aan sy finansiële jaarinde weergee;
 - (ii) die bedryfsresultate, die ontvangs en betaling van kontant en kontantekwivalentesaldo's weergee;
 - (iii) alle veranderinge in ekwiteit vir die tydperk wat toe getindig het, en enige bykomende wat vereis word ingevolge Suid-Afrikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktieke uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Praktieke of ingevolge Internasionale Verslagdoeningstandaarde uitgereik deur die Internasionale Raad op Rekeningkundige Standaarde of 'n opvolgertiggaam, weergee; en

- (iv) 'n opsomming van betekenisvolle rekeningkundige beleidspalings en verklarende aantekeninge oor die aangeleentheids bedoel in subparagrafe (i) tot (iii) weergee;

[Par. (b) vervang deur a. 58 (a) van Wet No. 22 van 2008.]

(2) (a) 'n Gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet die state bedoel in subartikel (1) (b) ooreenkomstig ouditeeringsverklarings soos omskryf in artikel 1 van die „Auditing Professions Act, 2005“ (Wet No. 26 van 2005), laat ouditeer en daaroor verslag laat doen deur 'n eksternse ouditeur goedgekeur deur die registrateur.

(b) Die finansiële state moet—

- (i) die stand van sake van die verskaffer se besigheid billik weergee;
 (ii) verwyys na enige wesenlike aangeleentheid wat die finansiële sake van die verskaffer geraak het of waarskynlik sal raak; en
 (iii) deur die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste aan die registrateur voorgeleë word nie later nie as vier maande, of die langer tydperk deur die registrateur bepaal, na die einde van die verskaffer se finansiële jaar.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 58 (b) van Wet No. 22 van 2008 met inwerkingtreding vanaf 1 Mei 2009 en in soverre dit van toepassing is op sub-par. (iii).]

(3) Die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste moet rekords hou ooreenkomstig subartikel (1) (a) ten opsigte van geld en finansiële produkte gehou namens kliente, en moet, bykomend tot en gelyktydig met die finansiële state bedoel in subartikel (2), aan die registrateur 'n verslag voorleë van die ouditeur wat die oudit ondorneem het, en wat in die vorm en op die wyse bepaal deur die registrateur by kennisgewing in die *Saatskoerant* vir verskillende kategorieë verskaffers van finansiële dienste bevestig—

- (a) wat die bedrag aan geld en finansiële produkte is wat by die jaareinde deur die verskaffer namens kliente gehou is;
 [Par. (a) vervang deur a. 58 (d) van Wet No. 22 van 2008.]
 (b) dat daardie geld en finansiële produkte dwarsdeur die finansiële jaar apart gehou is van dié van die besigheid van die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en wat enige geval van nie-voldoening uitgewys in die loop van die oudit en die omvang daarvan, rapporteer; en
 [Par. (b) vervang deur a. 58 (d) van Wet No. 22 van 2008.]
 (c) enige ander inligting deur die registrateur vereis.
 [Sub-a. (3) vervang deur a. 58 (c) van Wet No. 22 van 2008.]

(4) Ondanks enigiets tot die teendeel in enige wet vervat, moet die ouditeur van 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste aan die registrateur skriftelik verslag doen en die registrateur inlig oor enige onreëlmatigheid of vermoedelike onreëlmatigheid in die optrede of die sake van die betrokke gemagtigde verskaffer van finansiële dienste waarvan die ouditeur bewys geword het by die verrigting van werksaamhede as ouditeur en wat, aa die oordeel van die ouditeur, wesenlik is.

(5) Indien die aanstelling van 'n ouditeur van 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste beëindig word—

- (a) moet die ouditeur by die registrateur 'n verklaring indien oor wat die ouditeur glo die redes vir daardie beëindiging is; en
 (b) indien die ouditeur, as dit nie vir daardie beëindiging was nie, rede sou gehad het om aan die registrateur 'n verslag beoog in subartikel (4) voor te lê, moet die ouditeur daardie verslag aan die registrateur voorleë.

(6) (a) Die registrateur kan by kennisgewing van 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste vereis om die aanstelling van 'n ouditeur van daardie verskaffer te beëindig, indien die betrokke ouditeur nie meer voldoen aan die vereistes wat oorweeg is toe die registrateur die ouditeur ingevolge subartikel (2) (a) goedgekeur het nie of andersins versuim om aan 'n bepaling van hierdie artikel te voldoen in 'n wesenlike opsig.

(b) 'n Kennisgewing beoog in paragraaf (a) tree in werking op 'n datum in daardie kennisgewing vermeld, en kan slegs versend word nadat die registrateur—

- (i) die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en die betrokke ouditeur van die redes waarom die kennisgewing uitgereik staan te word, voorsien het; en
- (ii) die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en betrokke ouditeur 'n redelike geleentheid gegee het om aangethoor te word; en
- (iii) enige voorleggings deur of namens die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of die betrokke ouditeur gemaak, oorweeg het.

(7) (a) 'n Verskaffer van finansiële dienste mag nie die jaareinde van 'n finansiële jaar sonder die goedkeuring van die registrateur verander nie.

(b) Ondanks paragraaf (a) is die goedkeuring van die registrateur nie nodig waar 'n verandering van 'n jaareinde van 'n finansiële jaar goedgekeur is deur 'n ander regulatoriese owerheid, behalwe die Registrateur van Maatskappye ingestel kragtens die Maatskappyywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), wat die finansiële gesondheid van die verskaffer reguleer nie.

(c) Waar 'n verandering van 'n jaareinde van 'n finansiële jaar deur 'n ander regulatoriese owerheid goedgekeur is soos in paragraaf (b) beoog, moet die verskaffer die registrateur in kennis stel van daardie goedkeuring binne 14 dae nadat die goedkeuring verleen is.

[Sub-a. (7) bygevoeg deur a. 58 (e) van Wet No. 22 van 2008.]

HOOFSTUK VI AFDWINGING

Deel I

Ombud vir verskaffers van finansiële dienste

20. **Kantoor van Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste.**—(1) Daar is 'n kantoor bekend as die Kantoor van die Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste.

(2) Die werksaamhede van die Kantoor word verrig deur die Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste.

(3) Die oogmerk van die Ombud is om klagtes te oorweeg en af te handel op 'n prosesduurel billike, informele, ekonomiese en gladde wyse en met verwysing na wat onder al die omstandighede regverdig is, met behoorlike inagneming van—

- (a) die kontraktuele reëling of ander regsverhouding tussen die klaer en enige ander party by die klage; en
 - (b) die bepalings van hierdie Wet.
- (4) Wanneer met klagtes ingevolge artikels 27 en 28 gehandel word, is die Ombud onafhanklik en moet die Ombud onpartydig wees.

(Datum van inwerkingtreding van a. 20: 8 Maart 2003.)

21. **Aanstelling van Ombud en adjunkombuds.**—(1) Die Raad, na oortegpleging met die Advieskomitee—

- (a) moet 'n persoon wat regsgekwalfiseerd is en oor toereikende kennis van die lewering van finansiële dienste beskik, as Ombud aanstel;
 - (b) kan een of meer persone wat regsgekwalfiseerd is en oor toereikende kennis van die bewering van finansiële dienste beskik, as adjunkombud aanstel.
- (2) Die vergoeding en ander aanstellingsvoorwaardes van die Ombud en 'n adjunk-ombud moet deur die Raad bepaal word.

(3) Die Ombud of adjunkombud kan te eniger tyd bedank deur 'n skriftelike bedanking minstens drie kalendermaande voor die beoogde datum van amptontruning by die Raad in te dien, tensy die Raad 'n korter tydperk toelaat.

(4) Die Raad kan op voldoende gronde, en oorlegpleging met die Advieskomitee, die Ombud of 'n adjunkombud uit hulle amp verwyder op grond van wangedrag, onvermoë of onbekwaamheid, nadat die betrokke persoon 'n redelike geleentheid gebied is om aangehoor te word.

(Datum van inwerkingtreding van a. 21 : 8 Maart 2003.)

22. Finansiering van Kantoor.—(1) Die fondse van die Kantoor bestaan uit—

- (a) fondse voorsien deur die Raad op die grondslag van 'n begroting voorgelê deur die Ombud aan die Raad en deur laasgenoemde goedgekeur, en
- (b) fondse wat uit enige ander bron aan die Kantoor toeval.

(2) Die Ombud moet alle fondse deponeer in 'n rekening geopen by 'n bank geregistreer kragtens die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990).

(3) Die Ombud moet daardie fondse aanwend vir die bestryding van uitgawes aangegaan by die verrigting van werksaamhede kragtens hierdie Wet, en kan fondse wat nie vir onmiddellike gebruik benodig word nie, belê.

(4) Die finansiële jaar van die Ombud eindig op 31 Maart in elke jaar.

(5) Fondse op krediet van die Ombud in die rekening vermeld in subartikel (2) aan die einde van die finansiële jaar, sowel as fondse belê kragtens subartikel (3), moet na die volgende finansiële jaar oorgedra word.

(Datum van inwerkingtreding van a. 22 : 8 Maart 2003.)

23. **Rekenpligtheid.**—(1) Die Ombud is die rekenpligtige beampte ten opsigte van alle fondse ontvang en alle betalings gemaak ten opsigte van uitgawes aangegaan deur die Kantoor.

(2) Die Ombud as rekenpligtige beampte moet—

- (a) 'n volledige en korrekte rekord hou van alle fondse ontvang en betalings gemaak, en van alle bates, verpligtinge en finansiële transaksies van die Kantoor;
- (b) so gou doenlik, maar nie later nie as drie maande na die einde van elke finansiële jaar, jaarlikse finansiële state opstel wat, met toepaslike besonderhede, alle fondse ontvang en betalings gemaak gedurende, en al sodanige bates, verpligtinge en transaksies aan die einde van, die betrokke finansiële jaar weergee.

(3) Die rekords en finansiële state vermeld in subartikel (2) moet deur die Ouditeur-generaal goedgekeur word.

(Datum van inwerkingtreding van a. 23 : 8 Maart 2003.)

24. **Algemene administratiewe bevoegdheid van Ombud.**—Die Ombud kan vir die verrigting van werksaamhede in die Kantoor en as 'n las teen of vir die voordeel van die fondse van die Kantoor, na gelang van die geval—

- (a) goed huur, koop of andersins verkry en goed aldus gekoop of verkry, verhuur, verkoop of andersins daaroor beskik;
- (b) 'n ooreenkoms aangaan met enige persoon vir die verrigting van enige spesifieke handeling of werksaamheid of die lewering van bepaalde dienste;
- (c) die Kantoor teen enige verlies, skade, risiko of aanspreeklikheid verseker;
- (d) persone in diens neem om die Ombud by te staan, hul aanstellingsvoorwaardes bepaal en, behoudens die voorwaardes bepaal deur die Ombud, aan enige sodanige werknemer, met inbegrip van 'n adjunkombud, enige administratiewe werksaamheid gevestig in die Ombud ingevolge hierdie Deel, deleger of toewys;

- (e) die professionele advies wat redelikerwys nodig mag wees, verkry, en
- (f) in die algemeen, enigiets doen wat nodig of dienstig is vir die bereiking van die oogmerk van die Ombud.

(Datum van inwerkingtreding van a. 24: 8 Maart 2003.)

25. Ontbinding en likwidasie van Kantoor.—(1) Die Kantoor word nie ontbind of gelikwyder nie behalwe deur 'n Wet van die Parlement.

(2) In die geval van enige sodanige ontbinding of likwidasie, val die surplusbates van die Kantoor (as daar is) aan die Raad toe.

(Datum van inwerkingtreding van a. 25: 8 Maart 2003.)

26. Bevoegdheede van Raad.—(1) Die Raad kan, na oorlegpleging met die Advieskomitee, reëls opstel, met inbegrip van verskillende reëls ten opsigte van verskillende kategorieë klages of ondersoek deur die Ombud, betreffende—

- (a) (i) enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet by reël gereguleer moet of kan word;
- (ii) die kategorie persone wat as klaers kwalifiseer;
- (iii) die tipe klage bereikbaar deur die Ombud, met inbegrip van 'n klage met betrekking tot 'n finansiële diens gelewer deur 'n persoon wat nie gemagtig is as 'n verskaffer van finansiële dienste nie of 'n persoon wat optree namens sodanige eersbedoelde persoon;
- (iv) die regte van klaers in verband met klages, met inbegrip van die wyse van indiening van 'n klage by die betrokke gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of verteenwoordiger;
- (v) die regte en pligte van enige sodanige verskaffer of verteenwoordiger by ontvangs van 'n klage, in die besonder in verband met die verskaffing van antwoorde aan die klaer;
- (vi) die regte van 'n klaer om 'n klag by die Ombud in te dien waar die klaer nie tevrede is met enige antwoord wat van die betrokke verskaffer of verteenwoordiger ontvang is nie;
- (vii) die omstandighede waaronder 'n klage afgewys kan word sonder oorweging van die meriete daarvan;
- (viii) die bevoegdheid van die Ombud om 'n tydseperking te plaas op enige aspek van die verrigtinge voor die Ombud en om 'n tydseperking te verleng;
- (b) die betaling aan die Kantoor deur die betrokke gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of verteenwoordiger betrokke by enige klage ingedien by die Ombud, van saakgelde ten opsigte van die oorweging van die klage deur die Ombud;
- (c) skakeling tussen die Ombud en die registrateur, en administratiewe pligte van daardie funksionariesse betreffende wedersydse administratiewe steun, uitruil van inligting en verslae, ander gereelde oorlegplegings en vermyding van oorvleueling van hul onderskeie werksaamhede; en
- (d) enige ander administratiewe of prosedurele aangeleentheid nodig of dienstig vir die beter bereiking van die oogmerke van hierdie Deel, maar wat nie onbestaanbaar is met 'n bepaling van hierdie Wet nie.

(2) Die Raad moet—

- (a) verseker dat geen reël opgestel kragtens subartikel (1) afbreuk doen aan die onafhanklikheid van die Ombud of dit op enige wesentlike wyse raak nie;
- (b) reëls opgestel kragtens subartikel (1) in die *Staatskoerant* publiseer.

(Datum van inwerkingtreding van a. 26: 8 Maart 2003.)

(Algemene Kennisgewing: Reëls ten opsigte van verrigtinge van die Kantoor van die Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 81 in *Staatskoerant* 25299 van 8 Augustus 2003 (slegs in Engels).)

27. Ontvangs van klages, verjaring, jurisdiksie en ondersoek—(1) By voorlegging van 'n klage aan die Kantoor moet die Ombud—

- (a) bepaal of aan die vereistes van die reëls beoog in artikel 26 (1) (a) (iv) voldoen is;
 - (b) in geval van nie-voldoening, optree ooreenkomstig die reëls opgestel kragtens daardie artikel; en
 - (c) andersins amptelik die klage aanvaar indien dit kwalifiseer as 'n klage.
- (2) Amptelike ontvangs van 'n klage deur die Ombud skort die loop van verjaring op ingevolge die Verjaringswet, 1969 (Wet No. 68 van 1969), vir die tydperk sedert die klage ontvang is totdat die klage of ingetrek is, of vasgestel is deur die Ombud of die appèlraad, na gelang van die geval.
- (3) Die volgende jurisdiksionele bepalings is van toepassing op die Ombud ten opsigte van die ondersoek van klages:
- (a) (i) Die Ombud moet weier om 'n klage te ondersoek wat betrekking het op 'n handeling of late wat plaasgevind het op of na die datum van inwerking-treding van hierdie Wet maar op 'n datum meer as drie jaar voor die datum van ontvangs van die klage deur die Kantoor.
 - (ii) Waar die klaer onbewus was van die plaasvind van die handeling of late beoog in subparagraaf (i), neem die tydperk van drie jaar 'n aanvang op die datum waarop die klaer bewus geword het of redelikerwys bewus moes geword het van daardie voorval, welke ook al eerste voorval.
 - (b) (i) Die Ombud moet weier om 'n klage te ondersoek indien, voor die datum van amptelike ontvangs van die klage, verrigtinge deur die klaer ingestel is in enige Hof ten opsigte van 'n aangeleentheid wat die onderwerp van die ondersoek sou behels het.
 - (ii) Waar enige verrigtinge beoog in subparagraaf (i) ingestel word gedurende enige ondersoek deur die Ombud, word so 'n ondersoek nie voortgesit nie.
 - (c) Die Ombud kan op redelike gronde bepaal dat dit meer gepas is dat die klage deur 'n Hof mee gehandel word of deur middel van enige ander beskikbare geskiedslegtingsproses, en weier om die klage te ontvang.
- (4) Die Ombud moet nie voortgaan om 'n klage wat amptelik ontvang is te ondersoek nie, tensy die Ombud—
- (a) skriftelik enige ander belanghebbende party by die klage verwittig het van die ontvangs daarvan;
 - (b) tevrede is dat alle belanghebbende partye van die besonderhede voorsien is wat hulle in staat sal stel om daarop te antwoord; en
 - (c) alle belanghebbende partye die geleentheid gebied het om 'n antwoord op die klage voor te lê.
- (5) Die Ombud—
- (a) kan, by die ondersoek of vasstelling van 'n klage wat amptelik ontvang is, enige prosedure (met inbegrip van bemiddeling) wat die Ombud geskik ag, volg en implementeer, en kan aan enige party die reg tot regsverteenwoordiging toestaan;
 - (b) moet, ten eerste, enige redelike vooruitsig ondersoek om 'n klage te besleg deur 'n onderhandelde skikking wat vir alle partye aanvaarbaar is;
 - (c) kan, ten einde 'n geskil spoedig deur versoening te besleg, 'n aanbeveling aan die partye doen, en van hulle vereis om te bewys of hulle die aanbeveling aanvaar of nie en, waar die aanbeveling nie deur 'n party aanvaar word nie, van die party vereis om redes daarvoor te gee. Met dien verstande dat waar die partye die aanbeveling aanvaar, sodanige aanbeveling die gevolg het van 'n finale vasstelling deur die Ombud beoog in artikel 28 (1);

- (d) kan, op 'n wyse wat die Ombud gepas ag, die werksaamhede van ondersoek en vasstelling tussen verskeie funksionaries van die Kantoor verdeel;
- (e) kan, op bedinge deur die Ombud bepaal, aan enige persoon of tribunaal opdrag gee om die werksaamhede bedoel in paragraaf (d) te verrig.
- (6) Vir die doeleindes van enige ondersoek of vasstelling deur die Ombud is die bepalings van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), betreffende die dagvaarding en ondervraging van persone en die oplegging van ede of bevestigings aan hulle, die versoek vir die voorlegging van boeke, dokumente en voorwerpe, en misdrywe deur getuies, met die nodige veranderinge van toepassing.

(Datum van inwerkingtreding van a. 27: 8 Maart 2003.)

28. Vastellings deur Ombud.—(1) Die Ombud moet in enige geval waar 'n aangeleentheid nie geskik is nie of 'n aanbeveling bedoel in artikel 27 (5) (c) nie deur alle betrokke partye aanvaar is nie, 'n finale vasstelling maak, wat kan insluit—

- (a) die afwysing van die klagte; of
- (b) die handhawing van die klagte, in geheel of gedeeltelik, in welke geval—
 - (i) die klaer 'n bedrag as billike vergoeding toegeken kan word vir finansiële nadeel of skade gely;
 - (ii) 'n lasgewing uitgereik kan word dat die betrokke gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, verteenwoordiger of ander party die stappe doen met betrekking tot die klagte wat die Ombud toepaslik en regverdig ag;
 - (iii) die Ombud enige ander bevel kan maak wat 'n Hof kan maak.
- (2) (a) 'n Geldelike toekenning kan voorsiening maak dat die bedrag betaalbaar rente dra teen 'n koers en vanaf 'n datum bepaal deur die Ombud.
- (b) Die Raad kan by reël—
 - (i) die maksimum geldelike toekenning vir 'n besondere soort finansiële nadeel of skade bepaal;
 - (ii) verskillende maksimum geldelike toekennings vir verskillende kategorieë klages bepaal;
 - (iii) die toekenning van koste bepaal, met inbegrip van koste teen 'n klaer ten gunste van die Kantoor of die respondent indien, na die oordeel van die Ombud—
 - (aa) die optrede van die klaer onbehoorlik of onredelik was; of
 - (bb) die klaer verantwoordelik was vir onredelike vertraging by die afhandeling van die betrokke ondersoek.

Met dien verstande dat 'n bedrag betaalbaar kragtens 'n kostetoekekening rente dra teen 'n koers en vanaf 'n datum deur die Ombud bepaal.

(3) Enige toekenning van rente deur die Ombud ingevolge subartikel (2) mag nie die koers oorskry wat 'n Hof geregtig sou gewees het om toe te ken nie, indien die aangeleentheid deur 'n Hof bereg sou gewees het.

(4) (a) Die Ombud moet 'n vasstelling op skrif stel, met inbegrip van al die redes daarvoor, die vasstelling onderteken en kopieë daarvan stuur aan die registrateur en alle partye betrokke by die klagte en, indien geen kennisgewing van appèl na die appèlraad binne die tydperk daarvoor vereis aangeteken is nie, aan die klerk of griffier van die hof wat jurisdiksie sou gehad het indien die aangeleentheid deur 'n Hof bereg sou gewees het.

(b) Waar 'n kennisgewing van appèl aangeteken is, moet die Ombud 'n kopie van die finale beslissing van die appèlraad aan enige sodanige klerk of griffier stuur.

(5) 'n Vasstelling—

- (a) of 'n finale beslissing van die appèlraad, na gelang van die geval, word geag 'n siviele vonnis te wees van 'n Hof indien die betrokke aangeleentheid deur 'n Hof bereg sou gewees het, en word aldus aangeteken deur die klerk of griffier, na gelang van die geval, van daardie Hof;

- (b) is slegs vatbaar vir appél na die appélraad—
- (i) met die toestemming van die Ombud na inagneming van—
- (aa) die gekompliseerdheid van die geval; of
- (bb) die redelike waarskynlikheid dat die appélraad tot 'n ander slotsom sal geraak; of
- (ii) indien die Ombud verlof tot appél weier, met die instemming van die voorsitter van die appélraad.

(6) (a) 'n Eksekusielasbrief kan, in die geval van 'n vasstelling of 'n finale beslissing van die appélraad wat 'n geldelike toekenningsbehele, uitgereik word deur die klerk of griffier bedoel in subartikel (3) en kan uitgevoer word deur die balju van so 'n Hof na verstryking van 'n tydperk van twee weke na die datum van die vasstelling of van die finale beslissing van die appélraad, na gelang van die geval.

(b) Aan enige ander vasstelling moet gevolg gegee word ooreenkomstig die toepaslike prosedures van 'n Hof na verstryking van 'n tydperk van twee weke na die datum van die vasstelling of van die finale beslissing van die appélraad.

(Datum van inwerkingtreding van a. 28: 8 Maart 2003.)

29. Rekordhoeding.—(1) Die Ombud moet behoorlike lêers en rekords hou ten opsigte van klages sowel as 'n rekord van enige vasstellingsverrigtinge gehou ingevolge artikel 28.

(2) Die registrateur het, vir die doeleindes van die verrigting van die werksaamhede van die registrateur kragtens hierdie of enige ander wet, toegang tot die lêers en rekords van die Ombud en kan sonder enige verdere bewys steun op 'n kopie van enige rekord van verrigtinge geteken deur die Ombud.

(3) Enige belanghebbende persoon kan, behoudens die diskresie van die Ombud en toepaslike vertroulikheidsreëls, 'n kopie verkry van enige rekord teen betaling van die geld wat deur die Ombud bepaal word.

(Datum van inwerkingtreding van a. 29: 8 Maart 2003.)

30. Verslag van Ombud.—(1) Die Ombud moet gedurende elke jaar, binne ses maande na die einde van die boekjaar van die Ombud, 'n verslag aan die Raad voorlê oor die sake en werksaamhede van die Ombud gedurende die betrokke boekjaar, met inbegrip van die jaarlikse finansiële state bedoel in artikel 23 (2) (b).

(2) Die Ombud moet terselfdertyd 'n kopie van die verslag aan die Minister voorlê.

(Datum van inwerkingtreding van a. 30: 8 Maart 2003.)

31. Strafwe.—'n Persoon wat—

- (a) enige handeling verrig met betrekking tot die Ombud of 'n ondersoek deur die Ombud wat, indien verrig ten opsigte van 'n geregs Hof, minagting van die Hof sou behels, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n straf wat opgelê kan word by 'n skuldigbevinding aan minagting van die Hof; of
- (b) (i) 'n vasstelling van die Ombud voornitloop op enige wyse wat bereken is om die vasstelling te beïnvloed; of
- (ii) opsetlik enige verrigtinge gehou deur die Ombud onderbreek,
- is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

(Datum van inwerkingtreding van a. 31: 8 Maart 2003.)

32. Bevordering van kliënte-opvoeding deur registrateur.—Die registrateur kan enige stappe doen wat bevorderlik is vir kliënte-opvoeding en die bevordering van bewustheid van die aard en beskikbaarheid van die Ombud en ander afdwingsmaatreëls ingestel deur of

ingevolge hierdie Wet, met inbegrip van reëlings met die Ombud, verteenwoordigende liggame van die finansieledienstebedryf, kliënte- en verbruikersliggame, of produkvoorsieners en gemagtigde verskaffers van finansiële dienste en hul verteenwoordigers om bystand te verleen met die bekendmaking van inligting aan die algemene publiek oor aangeleenthede waarmee hierdie Wet handel.

Deel II
Ander afdwingingsmaatreëls

33. Siviele remedies.—(1) Die regsstrateur kan, wanneer tevrede op grond van beskikbare feite en inligting dat 'n persoon enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen, of waarskynlik aldus sal oortree of nie sal voldoen nie, by 'n Hof aansoek doen om 'n bevel wat sodanige persoon verhinder om voort te gaan om so 'n handeling of late te pleeg of om dit in die toekomst te pleeg, en wat van die persoon vereis om die regstelende stappe te doen wat die Hof nodig ag om die gevolge van die handeling of late reg te stel, met inbegrip van gevolge wat enige kliënt benadeel het of kan benadeel.

(2) Die regsstrateur kan 'n geding in 'n Hof instel teen enige persoon wat enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen, vir betaling van—

- (a) 'n bedrag bepaal deur die Hof as vergoeding vir verliese gelyk deur enige ander persoon as gevolg van sodanige oortreding of nie-voldoening;
- (b) 'n boete vir strafdoeleindes in 'n som bepaal in die diskresie van die Hof;

[Par. (b) vervang deur a. 59 (a) van Wet No. 22 van 2008.]

- (c) rente; en
- (d) gedingskoste op die skaal wat deur die Hof bepaal word.

(3) Enige bedrag verhaal deur die regsstrateur ingevolge subartikel (2) word deur die regsstrateur regstreeks gedeponeer in 'n spesiaal aangewese trustrekening geopen deur die regsstrateur by 'n toepaslike finansiële instelling, en daarop—

- (a) is die regsstrateur geregtig, as 'n eerste las teen die trustrekening, op vergoeding vir alle uitgewes redelikerwys aangegaan by die instel van verrigtinge kragtens subartikel (2) en by die administrasie van die distribusies gedoen aan persone ingevolge subartikel (5);
- (b) word die balans, as daar is (hierna die „verdeelbare balans” genoem) deur die regsstrateur gedistribueer aan die persone bedoel in subartikel (5), terwyl enige oorblywende fondse aan die regsstrateur in ampelike hoedanigheid toeval.
- (4) Enige bedrag wat nie geëis word binne drie jaar van die eerste distribusie van betalings nie, val toe aan die regsstrateur in ampelike hoedanigheid.

- (5) Die verdeelbare balans word op 'n *pro rata*-grondslag verdeel—

(a) aan alle persone wat tot die redelike bevrediging van die regsstrateur bewys dat hulle persone is wat verliese gelyk het soos in subartikel (2) beoog; en

(b) tot die omvang van die verliese in subartikel (2) beoog.

Met dien verstande dat geen geld gedistribueer mag word aan 'n persoon wat enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen nie.

[Sub-a. (5) vervang deur a. 59 (b) van Wet No. 22 van 2008.]

(6) 'n Hof wat 'n bevel kragtens hierdie artikel uitreik, moet gelas dat dit gepubliseer word in die *Staatskoerant* en deur die ander toepaslike aankondiging in die openbare media wat die Hof geskik ag.

(7) Die regsstrateur kan siviele verrigtinge ingestel kragtens hierdie artikel intrek, laat vaar of skik, maar enige ooreenkoms of skikking moet 'n bevel van die Hof gemak word en die bedrag van enige betaling gedoen ingevolge enige sodanige skikking moet gepubliseer word in die *Staatskoerant* en deur die ander aankondiging in die openbare media wat die Hof geskik ag.

- (iv) die trustee van 'n *inter vivos*-trust soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988), wat nie 'n besighheids-trust is wat gesig is vir winsdoeleindes wat bereik word deur die kombinasie van kapitaal bygedra deur die begunstigdes van die trust en deur die administrasie of bestuur van die kapitaal deur trustees namens en vir die voordeel van die begunstigdes nie, of 'n persoon wat namens so 'n eersgenoemde trustee optree;
- (v) die ower, tutor of voog van 'n minderjarige, of 'n persoon wat namens so 'n ower, tutor of voog optree;
- (c) lensy die finansiële dienste gelewer word as 'n staande kenmerk van die besigheid van enige sodanige persoon; of enige ander trustee of bewaarder aangestel kragtens enige wet in die make wat die lewering van sodanige dienste gereguleer word deur of kragtens so 'n wet.

vervolg op bladsy 744

- (ii) die publikasie deur enige persoon wat nie 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger van sodanige verskaffer is nie, van enige advertensie, kommunikasie of aankondiging gerig aan kliënte en wat aandui dat sodanige persoon 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger van sodanige verskaffer is; en
- (iii) die gebruik deur enige persoon wat nie 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger van enige sodanige verskaffer is nie, van enige naam, titel of beskrywing wat aandui dat die persoon 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger van sodanige verskaffer is;
- (c) voldoeningstelsels, voldoeningstelsels en die hou van rekords;
- (d) bevoegdhede van die registrateur om inligting te vereis van enige persoon waarop hierdie Wet van toepassing is, met inbegrip van bevoegdhede van die Hof om bevels uit te reik, op aansoek van die registrateur, om verpligtinge in daardie verband af te dwing; en
- (e) in die algemeen, enige aangeleentheid wat dienstig of nodig is om voor te skryf vir die beter bereiking van die oogmerke van hierdie Wet, terwyl die algemeenheid van hierdie bepaling nie beperk word deur die bepalings van enige voorafgaande paragraaf nie.
- (2) Die regulasies kan voorsiening maak vir misdrywe in gevalle van oortreding of nienakoming van die bepalings daarvan, en vir strawwe van 'n boete van hoogstens R500 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.
- (3) Verskillende regulasies kan uitgevaardig word ten opsigte van verskillende aangeleenthede of kategorieë persone.

36. Misdrywe en strawwe.—'n Persoon wat—

- (a) 'n bepaling van artikel 7 (1) of (3), 8 (8), 8 (10) (a), 13 (1) of (2), 14 (1), 17 (4), 18, 19 (2), 19 (4) of 34 (4) of (6) oortree of versuim om daaraan te voldoen,
[Par. (a) vervang deur a. 61 (a) van Wet No. 22 van 2008.]
- (b) in enige aansoek ingevolge hierdie Wet, opsetlik 'n misleidende, valse of bedrieglike verklaring maak, of 'n wesentliche feit verswyg,
- (c) in die uitvoering van pligte opgelê by hierdie Wet inligting wat vals of misleidend is of enige wesentliche feit verswyg, aan 'n aangestelde ouditeur of volvoeringsbeampte gee; of
[Par. (c) bygevoeg deur a. 61 (b) van Wet No. 22 van 2008.]
- (d) nie 'n verteenwoordiger is wat corenkomstig die bepalings van hierdie Wet deur 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste aangestel of opdrag gegee is nie, en wat op enige wyse verklaar, die skyn in indruk wek, betoeg of voorgee om 'n persoon te wees wat gemagtig is om finansiële dienste te lewer aan kliënte op grond daarvan dat die persoon aangestel of opdrag gegee is as 'n verteenwoordiger deur 'n ander sodanige eersgenoemde verteenwoordiger;

[Par. (d) bygevoeg deur a. 61 (b) van Wet No. 22 van 2008.]

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigebevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

37. Oorweging van omvang van boetes en strawwe.—(1) By die oorweging van die omvang van enige straf kragtens artikel 36, moet die Hof in ag neem enige toekennings wat gedoen is of gedoen staan te word kragtens artikel 33, wat uit dieselfde oorsaak voortspuit.

(2) By die oorweging van die omvang van enige toekening kragtens artikel 33, moet die Hof in ag neem enige straf wat opgelê is of opgelê staan te word kragtens artikel 36, wat uit dieselfde oorsaak voortspuit.

38. Vrywillige sekwestrasie, likwidasie en sluiting.—Geen—

- (a) aansoek om die aanvaarding van die vrywillige boedeloorgawe ingevolge artikel 3 van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), van;
- (b) spesiale besluit met betrekking tot die likwidasie soos beoog in artikel 349 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), en geregistreer ingevolge daardie Wet, van;
- (c) skriftelike besluit met betrekking tot die likwidasie soos beoog in artikel 67 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), en geregistreer ingevolge daardie artikel, van; en
- (d) vrywillige sluiting van besigheid, deur,
 - enige gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, of verteenwoordiger van sodanige verskaffer, en geen spesiale besluit ingevolge die grondwet van sodanige verskaffer of verteenwoordiger wat nie 'n maatskappy is nie om sy besigheid te sluit, het regskrag nie—
 - (i) tensy 'n afskrif of kennisgewing daarvan by die registrateur ingedien is en die registrateur, by kennisgewing aan die betrokke verskaffer of verteenwoordiger, na gelang van die geval, verklaar het dat redelings tot bevrediging van die registrateur getref is om alle verpligtige kragtens transaksies aangegaan met kliente voor sekwestrasie, likwidasie of sluiting, na gelang van die geval, na te kom; of
 - (ii) indien die registrateur, by kennisgewing aan die betrokke verskaffer of verteenwoordiger, na gelang van die geval, verklaar dat die aansoek, besluit of sluiting, na gelang van die geval, strydig met hierdie Wet is.

39. Reg van appél.—'n Persoon wat gegrief is oor enige beslissing van die registrateur of die Ombud kragtens hierdie Wet wat daardie persoon raak, kan appelleer na die appèlraad ingestel by artikel 26 (1) van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, ten opsigte van welke appél genoemde artikel 26 met die nodige veranderinge van toepassing is.

HOOFSTUK VII
DIVERSE

40. Voorrethoed van regte.—Geen bepaling van hierdie Wet, en geen handeling verrig kragtens of ingevolge enige sodanige bepaling, word uitgelê as sou die enige reg raak van 'n klient, of ander geaffekteerde persoon, om gepaste geregtelike verhaal te verkry ingevolge die gemeene reg of enige ander statutêre wet, en hetsy met betrekking tot siviele of strafregtelike aangeleenthede, ten opsigte van die lewering van enige finansiële diens deur 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger van so 'n verskaffer, of enige handeling van 'n persoon wat nie 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste of 'n verteenwoordiger van so 'n verskaffer is nie.

41. Gelde en boetes.—(1) (a) Die Minister moel, na raadpleging met die registrateur, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die gelde vasstel wat aan die registrateur betaalbaar is deur enige persoon, of kategorie persone, wat 'n beslissing van, of die verrigting van enige ander handeling deur, die registrateur kragtens hierdie Wet en bedoel in artikel 3 (1), verlang.

(b) Die gelde is betaalbaar op die wyse en onderworpe aan die vereistes, deur die registrateur by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

(Algemene Kennisgewing: Gelde bepaal onder Goewermentskennisgewing No. 536 in *Staatskoerant* 24761 van 15 April 2003.)

(2) (a) 'n Persoon wat versuim om aan die registrateur 'n opgawe, inligting of dokument te verskaf, soos bepaal deur hierdie Wet, binne die vermelde tydperk of enige verlenging daarvan, is, ongeag enige strafregtelike verrigtinge ingestel teen die persoon kragtens hierdie Wet, maar behoudens paragraaf (b) onderworpe aan 'n boete van hoogstens R1 000 of enige hoër bedrag voorgeskryf, vir elke dag waartydens die versuim voortduur, tensy die registrateur, by aanvoering van goeie redes, die boete of enige deel daarvan kwytseld.

(b) Die boete kan deur die registrateur opgelê word by kennisgewing aan die betrokke persoon, en so 'n oplegging moet voorafgegaan word deur 'n procedure wat aan so 'n persoon 'n redelike geleentheid gee om aanthoor te word, en tree in werking op 'n datum vermeld in sodanige kennisgewing wat 'n datum voor die datum van die kennisgewing kan wees.

(3) (a) 'n Persoon wat aanspreeklik is om die gelde of 'n boete beoog in onsterkeidelik subartikel (1) (a) of (2) (a) te betaal, en wat versuim om die verskuldigde bedrag te betaal op die datum of binne die tydperk vermeld, moet rente op die agterstallige bedrag en op onbetaalde rente betaal teen die koers, en bereken op die wyse wat die Minister van tyd tot tyd bepaal ten opsigte van skulde aan die staat verskuldig.

(b) Die gelde en boetes, en rente verskuldig ten opsigte daarvan, word geag skulde aan die Raad verskuldig te wees en kan deur die Raad in 'n Hof ingeworder word.

42. Uitrail van inligting.—Die registrateur kan inligting verkry in die loop van verrigting van werksaamhede ingevolge hierdie Wet openbaar, tensy so 'n openbaarmaking nie in die openbare belang sal wees nie, maar behoudens enige riglyne uitgereik deur die Raad aan die registrateur—

- (a) aan enige staatsdepartement of staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), buitelandse regulatoriese of toesighoudende owerheid vir finansiële of beleggingsdienste, of enige ander regulatoriese of toesighoudende owerheid vir finansiële of beleggingsdienste in die Republiek, met inbegrip van die Registrateur van Mediese Skemas en 'n verteenwoordigende liggaam van die finansiële instebedryf of selfregulerende organisasie goedgekeur deur die Raad, indien sodanige inligting waarskynlik van belang sal wees vir die betrokke staatsdepartement of -orgaan, regulatoriese of toesighoudende owerheid, Registrateur van Mediese Skemas, verteenwoordigende liggaam of selfregulerende organisasie; of

- (b) aan enige buitelandse regulatoriese of toesighoudende owerheid vir finansiële of beleggingsdienste, waar die inligting vercis word ingevolge enige ooreenkoms, *communiqué* of memorandum van verstandhouding aangegaan deur die Raad of die registrateur met so 'n owerheid;

Met dien verstande dat die Raad of die registrateur voorwaardes kan opleë met betrekking tot die gebruik van enige inligting en die handhawing van vertroulikheid ten opsigte daarvan.

43.

[A. 43 herroep deur a. 62 van Wet No. 22 van 2008.]

44. Vystellings deur registrateur en Minister.—(1) Die registrateur kan, by of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, maar voor die datum bepaal deur die Minister ingevolge artikel 7 (1), enige persoon of kategorie persone vrystel van die bepalinge van daardie artikel indien die registrateur tevrede is dat—

- (a) die lewering van enige finansiële diens deur die aansoeker reeds gedeeltelik of in die geheel deur enige ander wet getereguleer word; of
- (b) die toepassing van die genoemde artikel op die aansoeker finansiële of ander ontbering of nadeel aan die aansoeker of kliënte van die aansoeker sal verouersaak, en

- (c) die verlening van die vrystelling nie—
- (i) srydig met die openbare belang sal wees nie;
 - (ii) die belange van kleinste sal benadeel nie; en
 - (iii) die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet sal frustreer nie.

(2) Die registrateur—

- (a) kan aan enige vrystelling aldus verleen redelike vereistes koppel of redelike voorwaardes opleë, met inagneming van die faktore vermeld in subartikel (1), waaraan die aansoeker moet voldoen óf voor óf na die effektiewe datum van die vrystelling op die wyse en gedurende die tydperk deur die registrateur vermeld; en

- (b) moet die tydperk bepaal waarvoor die vrystelling van krag sal wees.

(3) 'n Vrystelling ten opsigte waarvan 'n persoon vereistes moet nakom of aan voorwaardes moet voldoen, vervel sodra die persoon sodanige vereiste of voorwaarde oortree of versuim om daaraan te voldoen. Met dien verstande dat die registrateur op aansoek enige sodanige oortreding of versuim kan kondoneer en redelike vereistes of voorwaardes kan bepaal waaraan die aansoeker moet voldoen by of na hervatting van die vrystelling asof daardie vereistes of voorwaardes gekoppel of opgeleë is by die eerste verlening van die vrystelling.

(4) (a) Die registrateur kan in enige geval waarvoor nie in hierdie Wet voorsiening gemaak word nie, op redelike gronde, op aansoek of op die registrateur se eie inisiatief by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige persoon of kategorie persone van enige bepaling van hierdie Wet vrystel.

(b) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) is met die nodige veranderinge van toepassing ten opsigte van enige vrystelling beoog in paragraaf (a).

(Algemene Kennisgewing: Vrystelling van verskaffers van finansiële dienste ten opsigte van verteenwoordigers gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 95, vrystelling van sekere verskaffers van finansiële dienste van vereistes met betrekking tot geouditeerde finansiële state en finansiële gesondheid gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 96 en vrystelling van beleggingsbestuurders en gekoppelde verskaffers van beleggingsdienste, en hulle verwante funksionaries van sekere geskikte en gepaste vereistes gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 97 in *Staatskoerant* 25514 van 30 September 2003 (slegs in Engels). Vrystelling van gemaagte verskaffers van finansiële dienste en verteenwoordigers betrokke by korttermyn deposito bedrywighede van sekere geskikte en gepaste vereistes en die algemene kode wanneer finansiële dienste aangaande geldmarkfondse gelewer word gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 131 in *Staatskoerant* 25682 van 6 November 2003. Vrystelling gepubliseer onder Raadskennisgewing No. 35 in *Staatskoerant* 28809 van 10 Mei 2006 (slegs in Engels).)

(5) Die Minister kan, na raadpleging met die registrateur, op die voorwaardes wat die Minister bepaal, by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n verskaffer van finansiële dienste of verteenwoordiger, of kategorie verskaffers van finansiële dienste of verteenwoordigers, vrystel van enige bepaling van die Reëls op Beskerming van Beskermsunders onderskeidelik uitgevaardig kragtens artikel 62 van die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), en artikel 55 van die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998).

45. Vrystellings, en wysiging of herroeping van wette.—(1) Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie op die lewering van finansiële dienste deur—

- (a) (i) enige „gemaagte gebruiker“, „verrekeningshuis“, „sentrale sekuriteitsbewaarnemer“ of „deelnemer“ soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Sekuriteitsdienste, 2002, of beurs gelisensieer kragtens artikel 10 van daardie Wet;
- (ii) 'n bestuurder soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002;

- (iii) 'n persoon wat die werksamhede bedoel in artikel 13B van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), verrig, indien sodanige persoon voldoen aan die vereistes en voorwaardes in daardie artikel beoog; of
- (iv) 'n persoon wat die besigheid bedoel in artikel 58 van die Wet op Mediese Skemas, 1998 (Wet No. 131 van 1998), dryf indien sodanige persoon voldoen aan die vereistes in daardie artikel beoog,
- in die mate wat die lewering van finansiële dienste onderskeidelik deur of kragtens daardie Wette gereël word;
- (b) (i) die eksekuteur, administrateur of trustee van enige bestorwe of insolvente boedel, of 'n persoon wat namens so 'n eksekuteur, administrateur of trustee optree;
- (ii) die kurator van 'n persoon onder kuratele, of 'n persoon wat namens so 'n kurator optree;
- (iii) die likwidateur of geregtelike bestuurder van 'n maatskappy onder likwidasie of onder geregtelike bestuur, of 'n persoon wat namens so 'n likwidateur of geregtelike bestuurder optree;
- (iv) die trustee van 'n *inter vivos*-trust soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988), wat nie 'n besigheids-trust is wat gestig is vir winsdoelkeindes wat bereik word deur die kombinasie van kapitaal bygedra deur die begunstigdes van die trust en deur die administrasie of bestuur van die kapitaal deur trustee namens en vir die voordeel van die begunstigdes nie, of 'n persoon wat namens so 'n eersgenoemde trustee optree;
- (v) die ouer, tutor of voog van 'n minderjarige, of 'n persoon wat namens so 'n ouer, tutor of voog optree;
- tensy die finansiële dienste gelewer word as 'n staande kenmerk van die besigheid van enige sodanige persoon; of
- (c) enige ander trustee of bewaarder aangesel kragtens enige wet in die mate wat die lewering van sodanige dienste geregleer word deur of kragtens so 'n wet.
- (2) (a) Die wet bedoel in item 1 van die Bylae word hierby gewysig in die mate aangedui in die vierde kolom van die Bylae.
- (b) Die wette bedoel in item 1E van die Bylae word hierby, met ingang van die datum bepaal ingevolge artikel 7 (1), gewysig of herroep in die mate aangedui in die vierde kolom van die Bylae: Met dien verstande dat enige onafgehandelde besigheid van enige verskaffer van finansiële dienste ingevolge so 'n wet op daardie datum binne die voorgeskrewe tydperk afgehandel kan word asof enige sodanige wysiging of herroeping nie in werking getree het nie.
- (Algemene Kennisgewing: Vaststelling van datum ingevolge artikel 7 (1) as 30 September 2004 onder Goewernementskennisgewing No. 270 in Staatskoerant 26080 van 5 Maart 2004.)
- (3) Totdat die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002, bedoel in artikels 1 (1) en 45 (1) (a) (ii) van hierdie Wet in werking tree—
- (a) word 'n verwysing in hierdie Wet na 'n kollektiewe beleggingskema en bestuursmaatskappy, en skema en bestuurder, onderskeidelik bedoel in die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981 (Wet No. 54 van 1981), en die Wet op Deelnemingsverbande, 1981 (Wet No. 55 van 1981); en
- (b) het 'n verwysing in hierdie Wet na enige woord of uitdrukking omskryf in die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, tensy klaarblyklik onvanpas of strydig met hierdie Wet, die betekenis aldus daaraan geheg.

(4) Toodat die Wet op Sekuriteitsdienste, 2002, bedoel in artikels 1 (1) en 45 (1) (a) (i) van hierdie Wet in werking tree—

(a) word 'n verwysing in hierdie Wet na 'n gemagtigde gebruiker, beurs, verrekenningshuis, sentrale sekuriteitsbewaarmater en deelnemer uitgelê as verwysings na 'n lid, aandelebeurs, verrekenningshuis, finansiële beurs, erkende verrekenningshuis, sentrale effekteebewaarmater en bewaarmater instelling onderskeidelik bedoel in die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985), die Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989 (Wet No. 55 van 1989), en die Wet op die Bewaring en Administrasie van Effekte, 1992 (Wet No. 85 van 1992); en

(b) het 'n verwysing in hierdie Wet na enige woord of uitdrukking omskryf in die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985, die Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989, en die Wet op die Bewaring en Administrasie van Effekte, 1992, tensy klaarbyklik onvanpas of strydig met hierdie Wet, die betekenis aldus daaraan geheg.

46. *Inwerkingtreding en koort titel*—Hierdie Wet heet die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 2002, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

INWERKINGTREDING VAN HIERDIE WET

<i>Datum van Inwerkingtreding</i>	<i>Die Wet in geheel/ Artikels</i>	<i>Proklamasie/Kennisgewing No.</i>	<i>Staatskoerant</i>	<i>Datum van Staatskoerant</i>
15 November 2002	Die Wet in geheel, behalwe aa. 13 (1) (a), 20-31	R.81	24075	15 November 2002
8 Maart 2003	Aa. 20-31	R.21	25027	7 Maart 2003
30 September 2004	A. 13 (1) (a)	35	26496	2 Julie 2004
30 September 2004	Iteen II van die Bylae	270 (Datum bepaal ingevolge a. 7 (1))	26080	5 Maart 2004

BYLAE
 WETTE GEWYSIG OF HERROEP
 (Artikel 45)

(Datum van inwerkingtreding van item II van die Bylae: 30 September 2004.)

<i>Item</i>	<i>No. en jaar van Wet</i>	<i>Koortitel</i>	<i>Omvang van wysiging of herroeping</i>
I	Wet No. 97 van 1990	Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990	<i>Wysig artikel 1 deur paragraaf (a) (xii) by die omskrywing van „finansiële instelling” by te voeg.</i>
II (a)	Wet No. 1 van 1985	Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985	1. <i>Wysig artikel 4 as volg:—paragraaf (a) vervang subartikel (1); en paragraaf (b) skrap subartikels (1A), (2) – (6) en (7) (c).</i> 2. <i>Wysig artikel 12 (1) deur paragraaf (d) te vervang.</i> 3. <i>Wysig artikel 39 deur subartikels (2), (2A) en (2B) te skrap.</i>

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—EFFEKTEBEURS
Wet op Finansiële Advies- en Tussengangsterdienste,
Bylae No. 37 van 2002

Bylae

BYLAE – vervolg

Item	No. en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
II (b)	Wet No. 55 van 1989	Wet op Belier van Finansiële Markte, 1989	<p>4. Wysig artikel 45 (1) as volg—paragraaf (a) skrap paragraaf (a) (iii); paragraaf (b) skrap die woord „of” aan die einde van paragraaf (b) (ii) en paragraaf (b) (iii); en paragraaf (c) vervang die woorde van volg op paragraaf (b) (iii).</p> <p>5. Wysig artikel 47 (1) deur paragraaf (b) te skrap.</p> <p>6. Wysig artikel 48 (1) deur paragraaf (a) te vervang.</p> <p>7. Wysig artikel 50 deur die opsies in subartikel (1) te vervang.</p> <p>1. Wysig artikel 5 as volg—paragraaf (a) vervang subartikel (1); en paragraaf (b) skrap subartikels (1A), (2) – (6) en (7) (c).</p> <p>2. Wysig artikel 17 (1) as volg—paragraaf (a) vervang paragraaf (dC); en paragraaf (b) vervang paragraaf (B).</p> <p>3. Wysig artikel 21A deur subartikels (2), (2A) en (2B) te skrap.</p> <p>4. Wysig artikel 26 (1) as volg—paragraaf (a) skrap paragraaf (a) (iii); paragraaf (b) skrap die woord „of” aan die einde van paragraaf (b) (ii) en paragraaf (b) (iii); en paragraaf (c) vervang die woorde wat op paragraaf (b) (iii) volg.</p> <p>5. Wysig artikel 28 deur paragraaf (c) te skrap.</p> <p>6. Wysig artikel 29 as volg—paragraaf (a) vervang subartikel (1) (b); en paragraaf (b) vervang subartikel (2).</p> <p>7. Vervang artikel 30.</p> <p>8. Wysig artikel 31 deur die opsies in subartikel (1) te vervang.</p> <p>1. Wysig artikel 10 (3) deur paragrafe (a) en (b) te vervang—stien itel STRAF- EN PROSESREG.</p>
II (c)	Wet No. 140 van 1992	Wet op Dwelnmiddels en Dwelnsmakelary, 1992	